# 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE MOONTLIKE VERWANTSKAP TUSSEN ONDERWYSBEKWAAMHEID EN ENKELE PERSOONLIKHEIDS- EN TEMPERAMENTSEIENSKAPPE.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike
nakoming van die vereistes vir die graad

M A G I S T E R   A R T I U M

(SIELKUNDE)

aan die

POTCHEFSTROOMSE
UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

deur

CHRISTOFFEL JACOBUS MEYER. B.A. Honns.

POTCHEFSTROOM.

APRIL 1969.

## BEDANKINGS.

By die aanbieding van hierdie verhandeling wil ek my dank uitspreek teenoor:

Wyle Prof. J.M. Hatting vir die hulp en leiding wat hy aan my gegee het met die navorsing.

Aan die N.I.P.N. vir die gebruik van hul vraelyste en raad waarmee hulle my bedien het.

Aan die derdejaar studente (1966) wat hulle so gewillig aan die toetse onderwerp het.

Aan Prof. C.F. Schoeman wat gehelp het met die finale afronding van hierdie verhandeling.

Aan Mev. Bessie Venter vir die tik van hierdie verhandeling.

Vir die voortdurende aanmoediging van my ouers en familie in my studie is ek baie dankbaar en vir die innige belangstelling en hulp van my vrou, Martie, my opregte dank.

## HOOF INHOUDSOPGAWE.

Bedankings........................................ ii

Hoof inhoudsopgawe.............................. iii

Inhoudsopgawe...................................... v

Lys van tabelle.................................... ix

A. PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK.. 1

1. EIENSKAPPE WAT DIE GOEIE ONDERWYSER KENMERK. 4

1.1 Algemeen.................................... 4

1.2 'n Kort oorsig van eienskappe aan die hand van enkele ondersoeke............ 4

1.3 Samevattende beskouing................ 23

2. SEKERE PERSOONLIKHEIDS- EN TEMPERAMENTSEIENSKAPPE........................................ 25

2.1 Algemeen.................................... 25

2.2 'n Kort oorsig van enkele tipologieë... 25

2.3 'n Samevattende beskouing............. 66

3. 'N EIE EMPIRIESE ONDERSOEK................ 67

3.1 Inleidend.................................... 67

3.2 Doelstelling................................ 67

3.3 Proefpersone in die steekproef......... 67

3.4 Toetse in hierdie ondersoek gebruik.... 79

3.5 Resultaat van ondersoek................ 81

3.6 Samevattende oorsig.................... 89

......./iv

4. 'N SAMEVATTENDE OORSIG EN BESKOUING.............. 92

4.1 Probleem- en doelstelling van die ondersoek. 92

4.2 Onderwysbevoegdheidseienskappe............. 92

4.3 Hoofbevindings van empiriese ondersoek...... 94

4.4 Slotbeskouing............................. 97

OPSOMMING......................................... 100

SUMMARY........................................... 102

BIBLIOGRAFIE...................................... 104

BYLAES............................................ 109

# INHOUDSOPGAWE.

PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK............ 1

A. Probleemstelling.............................. 1

B. Doelstelling.................................. 2

1. EIENSKAPPE WAT DIE GOEIE ONDERWYSER KENMERK....... 4

1.1 Algemeen..................................... 4

1.2 'n Kort oorsig van eienskappe aan die hand van enkele ondersoeke.......................... 4

a. Dodge.................................... 4

b. Rostker.................................. 5

c. Jensen................................... 6

d. Bourke................................... 6

e. Symonds.................................. 8

f. Barr..................................... 9

g. Coetzee.................................. 10

h. Taute.................................... 11

i. Nel...................................... 12

j. Le Roux.................................. 13

1.3 Samevattende beskouing....................... 23

2. SEKERE PERSOONLIKHEIDS- EN TEMPERAMENTSEIENSKAPPE. 25

2.1 Algemeen..................................... 25

2.2 'n Kort oorsig van enkele tipologieë.......... 25

....../vi

a. Hippokrates........................... 26

b. Theophratus........................... 27

c. Galenus............................... 27

d. Spranger.............................. 27

e. Kretschmer............................ 29

f. Jaensch............................... 33

g. Sheldon............................... 34

h. Jung.................................. 35

i. Heymans............................... 42

(i) Die primêre en sekondêre funksies.... 43

(ii) Die indelingsgronde waarop die onderskeiding berus..................... 47

(iii) Besprekings van Heymans se tipes..... 51

Die Nerveuse Tipe.................. 51

Die Sentimentele Tipe.............. 54

Flegmatici......................... 57

Die Sanguiniese Tipe............... 58

Die Cholerici...................... 60

Die Gepassioneerde Tipe............ 62

Die Amorfe Tipe.................... 64

Die Apatici........................ 65

2.3 'n Samevattende beskouing.................. 66

3. 'N EIE EMPIRIESE ONDERSOEK........................ 67

3.1 Inleidend................................. 67

3.2 Doelstelling.............................. 67

3.3 Proefpersone in die steekproef............... 67

a. Algemeen................................ 67

b. Ouderdomme van proefpersone.............. 68

c. Tydperk van onderwysopleiding............ 69

d. Spesialisering van die onderwyskwekelinge 70

e. Prestasie van proefpersone............... 71

(i) Intelligensie van die proefpersone.. 71
(ii) Eksamenprestasies van die proefpersone............................ 73
(iii) Proefonderwyspunte van die proefpersone............................ 75

3.4 Toetse in die ondersoek gebruik.............. 79

a. Algemeen................................ 79

b. Persoonlikheidsvraelys van die N.I.P.N.... 79

(i) Algemeen............................ 79
(ii) Metode van toepassing............... 80
(iii) Puntetoekenning..................... 80

c. Temperamentsvraelys van die N.I.P.N....... 80

(i) Algemeen............................ 80
(ii) Metode van toepassing............... 80
(iii) Puntetoekenning..................... 80

3.5 Resultate van die ondersoek.................. 81

a. Algemeen.................................. 81

b. Die Intelligensiekwosiënt as kriterium.... 81

c. Eksamenprestasies en proefonderwyspunte... 84

d. Korrelasie tussen eksamenprestasies en persoonlikheidseienskappe................ 85

e. Korrelasie tussen eksamenprestasies en temperamentseienskappe.................. 86

f. Korrelasie tussen proefonderwyspunte en persoonlikheidseienskappe................ 87

g. Korrelasie tussen proefonderwyspunte en temperamentseienskappe.................. 88

3.6 Samevattende oorsig......................... 89

4. 'N SAMEVATTENDE OORSIG EN BESKOUING............... 92

4.1 Probleem- en doelstelling van die ondersoek... 92

4.2 Onderwysbevoegdheidseienskappe............... 92

4.3 Hoofbevindings van empiriese ondersoek........ 94

4.4 Slotbeskouing................................ 97

OPSOMMING ......................................100.

SUMMARY .......................................102

BIBLIOGRAFIE....................................104

BYLAE...........................................109

# LYS VAN TABELLE.

1. Ouderdomme van proefpersone........................ 68

2. Tydperk van onderwysopleiding....................... 69

3. Spesialiseringsgroepe van proefpersone op 3 Sept.'66. 70

4. I.K.-verspreiding van die proefpersone.............. 72

5. Eksamenpunte - verspreiding van die proefpersone..... 73

6. Gemiddelde eksamenpunte............................. 74

7. Proefonderwyspunte.................................. 78

8. Korrelasie tussen I.K. en eksamenprestasies.......... 82

9. Korrelasie tussen I.K. en proefonderwyspunte......... 83

10. Korrelasie tussen eksamenpunte en proefonderwyspunte. 84

11. Korrelasie tussen eksamenprestasies en persoonlikheidseienskappe.................................. 85

12. Korrelasie tussen eksamenprestasies en temperamentseienskappe...................................... 86

13. Korrelasie tussen proefonderwyspunte en persoonlikheidseienskappe.................................. 87-88

14. Korrelasie tussen proefonderwyspunte en temperamentseienskappe...................................... 88-89

## PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK.

### A. PROBLEEMSTELLING.

In beroepseleksie word aspirante vir 'n bepaalde beroep vooraf deur middel van die psigotegniek aan toetse onderwerp om op wetenskaplike basis vas te stel of die aspirant aan die eise van die bepaalde beroep beantwoord, d.w.s. of hy oor die nodige eienskappe beskik om in hierdie beroepsoort en werksituasie

(a) die maksimum prestasie te lewer, en

(b) as mens gelukkig te wees.

Die metode van seleksie het in 'n hoogs wetenskaplike tegniek ontwikkel waaraan daagliks gearbei word om dit deur navorsing meer en meer doeltreffend te maak, om dit by die steeds veranderde omstandighede te laat aanpas en om dit van toepassing op beroepe en werksoorte te maak, waarvoor die psigotegniek tot nog toe nie voorsiening gemaak het nie. In hierdie opsig is die psigotegniek dus dinamies en so moet dit ook altyd bly.

Wat die onderwysberoep betref, moet daar jaarliks 'n aansienlike aantal persone gerekruteer word om

(i) die slytasie aan te vul, en

(ii) vir uittredings voorsiening te maak.

As in gedagte gehou word dat die Transvaalse Onderwyskolleges alleen jaarliks sowat 1600 nuwe onderwysers moet oplei, afgesien van die onderwysers wat ook deur die verskillende universiteite opgelei word, gee dit 'n aanduiding van die probleem om voldoende

....../2 onderwysers

onderwysers te lewer.

Om die sowat 1600 nuwe onderwysers te lewer, moet daar jaarliks sowat 2000 aspirant kwekeling-onderwysers gerekruteer word, want

(a) 'n aantal voltooi nie die kursus nie omdat hulle nie tot hierdie studievlak in staat is nie;

(b) ander sak uit omdat hulle hul onbekwaamheid as toekomstige onderwysers besef en dan die opleiding staak;

(c) 'n ander groep staak hul opleiding om verskeie ander redes.

Van die groep wat uiteindelik die opleidingskursus met welslae voltooi, blyk later ook in die beroepspraktyk onsuksesvolle onderwysers te wees.

Die opleiding van onderwysers is nie alleen ekonomies 'n duur proses nie, maar is ook duur wat die mensemateriaal betref. Daarom moet sover as moontlik voorkom word dat mislukkings plaasvind. Die selektering van kwekelingonderwysers is 'n belangrike en uiters verantwoordelike taak. Daarom dat die wetenskaplike se hulp hier dringend noodsaaklik is. Op wetenskaplike gronde is daar al heelwat gedoen, maar daar is nog soveel wat gedoen moet word, dat in hierdie studie ook 'n navorsing onderneem word om mee te help.

B. <u>DOELSTELLING:</u>

Tegnieke is ontwikkel om die bekwame onderwyser so vroeg as moontlik in sy kwekelingsjare, of selfs daarvoor, te identifiseer. In hierdie verband bestaan die vraag of daar 'n moontlike verband

....../3 bestaan

bestaan tussen onderwysbekwaamheid en enkele persoonlikheids- en temperamentseienskappe.

Hierdie ondersoek word toegespits op so 'n moontlike verband, soos in die titel van hierdie stuk gestel is nl., 'n empiriese ondersoek na die moontlike verwantskap tussen onderwysbekwaamheid en enkele persoonlikheids- en temperamentseienskappe.

Indien daar enige verband bestaan, positief of negatief, tussen sekere van hierdie persoonlikheids- en temperamentseienskappe en onderwysbekwaamheid, kan toetse om so 'n verband aan te toon, van groot hulp wees by die selektering van aspirant-onderwysers.

......./4 HOOFSTUK I.

# HOOFSTUK I.

## EIENSKAPPE WAT DIE GOEIE ONDERWYSER KENMERK.

### 1.1. Algemeen.

Heelwat navorsing is gedoen i.v.m. die eienskappe wat die goeie onderwyser kenmerk. Objektief is sulke eienskappe nie van deurslaggewende betekenis nie, maar wel as hulle gesien word in die lig van bepaalde persoonlikheidstrukture in bepaalde omstandighede, soos die betrokke kultuur.

Die bedoeling hier is nie om bepaalde kultuurgebonde persoonlikheidstrukture weer te gee nie, maar om slegs die aandag te vestig op enkele eienskappe, soos deur 'n aantal ondersoekers empiries vasgestel is. Dan sal 'n poging aangewend word om sekere van hierdie eienskappe met bepaalde persoonlikheids- en temperamentseienskappe te vergelyk om na te gaan in hoeverre die goeie onderwyser moontlik deur hierdie eienskappe geïdentifiseer kan word.

### 1.2. 'n Kort oorsig van eienskappe aan die hand van enkele ondersoeke.

Voordat selekteringstegnieke ontwikkel kan word, is dit nodig om rekenskap te gee van eienskappe wat die bevoegde onderwyser kenmerk, soos gevind deur enkele navorsers.

(a) Reeds in 1943 het Dodge (1943, p.327) op grond van sy navorsing, die volgende eienskappe van die goeie onderwyser verkry:

......./5 (i)

(i) Hy vind dat die meer suksesvolle onderwysers meer sosiaal van aard is en dat hulle by sosiale aangeleenthede meer op hul gemak is as die minder suksesvolle onderwysers.

(ii) Volgens bg. outeur is die goeie onderwyser ook meermale bereid om verantwoordelikheid te aanvaar en is ook meer geneig om op eie inisiatief op te tree as die minder suksesvolle onderwyser.

(iii) Die suksesvolle onderwyser is meestal vry van angs en kommernis.

(iv) In hul optrede is hul konsidererend en bedagsaam in hul menings teenoor ander.

(v) Die bekwame onderwyser kom stadig tot 'n beslissing.

In hierdie ondersoek is ook aan elke proefpersoon gevra dat hy moet aantoon in hoeverre hy van sy werk as onderwyser hou. Daar is toe 'n betekenisvolle ooreenkoms gevind tussen die persoonlikheid van die onderwyser en die graad van liefde vir sy werk. (1943, p.337).

(b) Rostker (1946, p.50) kom in sy ondersoek "The measurement of teaching ability", tot die volgende gevolgtrekkings:

(i) Die intelligensie van die onderwyser is die grootste enkele faktor wat onderwysbevoegdheid bepaal.

(ii) Die sosiale houding van die onderwyser wat bv. sosiale studies doseer, is 'n belangrike faktor in die onderwysvermoë van die onderwyser.

(iii) Daar is 'n betekenisvolle korrelasie tussen die houding van die onderwyser ten opsigte van sy beroep en sy onderwysvermoë.

(iv) Kennis van sy vak en die vermoë om wanaanpassings by sy leerlinge te diagnoseer, en dit dan reg te stel, word deur hierdie ondersoeker ook geassosieer met onderwysvermoë.

(v) Persoonlikheid, soos omskrywe deur die ondersoeker, het nie betekenisvolle verwantskap getoon met die onderwysvermoë nie.

...../6 (c)

(c) <u>Jensen</u> (1951, p.55) verdeel die eienskappe van die goeie onderwyser in drie kategorieë:

(i) Persoonlike hoedanighede: wakkerheid, opgewekte en entoesiastiese spreekwyse en gedrag, goeie organisasievermoë, selfbeheer in die klaskamersituasie, humorsin, regverdigheid, onbevooroordeeldheid.

(ii) Professionele hoedanighede: planmatigheid, stimulerende, interessante en oorspronklike onderwysmetodes, duidelike goed beplande demonstrasies, ondubbelsinnige en duidelike instruksies, kalme en waardige en positiewe dissiplinering ens.

(iii) Sosiale hoedanighede: simpatie, vriendelikheid, demokratiese en beleefde verhoudings met kinders, hulpvaardigheid en aanmoedigende optrede teenoor kinders.

(d) Volgens Bourke (1952, p.206) het W.W. Charters en Douglas Walpes twintig jaar gelede tagtig eienskappe genoem wat hulle graag in die goeie onderwyser sou wou sien. Bourke het in bogenoemde artikel die lys aansienlik verkort en meen dat hoe meer van die ondergenoemde eienskappe in die onderwyser voorkom, hoe groter is sy kans op sukses in die klaskamer:

(i) Goeie gesondheid is belangrik.

Soos in feitlik enige ander beroep is jou gesondheid jou grootste bate. Waar die onderwyser feitlik die hele dag met kinders te doen het, sal hy beter bestand wees teen die spanninge wat daagliks in die skool ervaar word, as hy liggaamlik en geestelik gesond is.

(ii) Intelligensie.

Intelligensie word deur baie navorsers beskou as die belangrikste vermoë van die suksesvolle onderwyser. Bourke is egter die mening toegedaan dat die vermoë om jou kennis oor te dra, van net so-

....../7 veel

soveel belang is.

(iii) Kennis en bekwaamheid.

Wanneer intelligensie gepaard gaan met ander vermoëns, vind ons die goeie onderwyser. Die "American Council of Education" het hom soos volg oor die saak uitgelaat: "....... there can be no doubt that a high degree of scholarly competence is essential in a teacher, such competence requires not only knowledge and personal skill, but also the ability to use both effectively in the teaching relationship." (Bourke, 1952, p.207).

(iv) Die onderwyser moet kan verstaan.

Baie ondersoekers ken 'n belangrike plek toe aan hierdie vermoë. Dit is van die grootste belang dat die onderwyser die kinders in hul verskillende ontwikkelingstadia sal verstaan.

(v) Geen voortrekkery nie.

Onderwysers self beskou eerlikheid as een van die grootste bates van die goeie onderwyser. Volgens een ondersoek beskou studente eerlikheid as die mees gewaardeerde eienskap in die man of vrou wat die onderwys as beroep kies.

(vi) Verdraagsaamheid.

Hierdie eienskap word daagliks by die onderwyser op die proef gestel. Die onvolwassenheid van die kind, sy onvermoë om soms te begryp ens., stel hoë eise aan hierdie vermoë van die onderwyser. Verdraagsaamheid veronderstel kalmheid van gees want 'n goeie onderwyser behoort nooit sy humeur te verloor nie. Bourke haal die volgende ondersoek van A. Witty aan: Hy het nl. twaalfduisend leerlinge se beskouinge oor die goeie onderwyser nagegaan en tot die gevolgtrekking gekom

dat die leerlinge verdraagsaamheid by die onderwyser as die mees belangrike eienskap beskou.

(vii) Vriendelikheid.

Die onderwyser moet vriendelik van aard wees. Dit is alleen wanneer die onderwyser bg. eienskap besit dat die kinders die vrymoedigheid het om hom of haar te nader met hul probleme.

(e) <u>Symonds</u> (1953, p.289) het getrag om die eienskappe van die goeie onderwyser vas te stel deur middel van die oordeel van leerlinge en skoolhoofde. In sy ondersoek het hy nie aan die kinders gevra om onderwysers te beskryf of te karakteriseer nie, maar hy het aan hulle sewe vrae gevra waarop hulle moes reageer. Ook die skoolhoof is gevra om die onderwysers te gradeer op grond van die volgende drie karaktereienskappe: a) dissiplinêre kontrole, b) verhoudings tot die leerlinge, c) sukses in terme van leerlingprestasies. Hierna het die ondersoeker dit moontlik gevind om te differensieer tussen die twee uiterste groepe onderwysers op grond van drie terreine:

(i) <u>Die superieure onderwyser is lief vir kinders.</u>

Die goeie onderwyser toon sy liefde vir die kind op verskillende maniere deur bv. hul belangstelling in die kind, deur die kinders se name te ken, iets te weet i.v.m. die belangstellings van die verskillende kinders, ens. Die swak onderwyser aan die ander kant het duidelik getoon dat hulle nie lief vir die leerlinge is nie. Hulle het soms ook nie die leerlinge se name geken nie, en ook nie geweet waarin die leerlinge belangstel nie.

......./9 (ii)

(ii) Die superieure onderwyser besit innerlike krag.

In hierdie opsig besit die onderwyser 'n soort innerlike krag en sekuriteit wat beide in verskillende karaktertrekke geopenbaar word. Gedeeltelik word dit ook geopenbaar in sy geloof in homself en in dit waarvoor hy staan. Die goeie onderwyser kan ook dissipline handhaaf. Die swak onderwyser aan die anderkant, word gekarakteriseer deur hul uitlatings wat dui op swakheid. Laasgenoemde word duidelik in hul onvermoë om hulself te handhaaf. Klein ongerymdhede in die klas laat hulle ooglopend toe, en wanneer chaos en wanorde dan in die klas ontstaan, verloor hul hul humeur en skree op die kinders. Hulle is liggeraak en beskou ongerymdhede as 'n bedreiging vir hul prestige en outoriteit.

(iii) Die goeie onderwyser openbaar 'n goeie balans ten opsigte van sy lewenswyse en hy vertoon verder 'n gesonde persoonlikheidsorganisasie. Hul werk is goed georganiseer, hul werk harder en is ook werklik geinteresseerd in hul werk.

Die swak onderwyser aan die anderkant, het nie bewys gelewer van persoonlikheidsorganisasie nie. Hul doeleindes en hul metode om dit te bereik was nie so duidelik omlyn soos by die goeie onderwyser nie. Hulle is nie so toegewyd wat hulle werk betref nie en hulle verwelkom die einde van elke periode met 'n gevoel van verligting.

(f) Barr (1961, p.140) vind in sy poging om 'n opsomming te gee van 'n reeks ondersoeke in verband met "Teacher Effectiveness and its Correlations" dat daar baie teenstrydighede in die verskillende vermoëns

......./10 van

van onderwysers bestaan bv. hulle mag swak vertoon wat sekere vermoëns betref, maar hulle mag wat ander vermoëns betref, weer baie goed vertoon. Volgens Barr skyn daar weinig onderwysers te wees met veelvuldige talente. Uit sy bevindinge kom hy tot die hipotese dat 'n goeie onderwyser een is wat een of meer sosiale talente besit, en geen gebreke openbaar wat die skool, gemeenskap of administrasie as stremmende eienskappe beskou nie.

Vir die doel van hierdie ondersoek sal ons ons egter grootliks bepaal by die eienskappe van die goeie onderwyser soos dit in die Afrikaanssprekende se kultuur voorkom.

(g) Vir Coetzee (1960, p.65) is die belangrikste kenmerk van die goeie onderwyser sy lewens- en wêreldbeskouing. Daar is seker geen ander beroep waar die lewens- en wêreldbeskouing van die mens so 'n belangrike rol speel as juis in die onderwysprofessie nie. "Die karakteristieke kenteken van die goeie onderwyser is tog die innige saamgeweefdheid van sy opvoedkundige gedagtes en praktyke met sy algemene lewens- en wêreldbeskouing: die teorie van die opvoeding tog bepaal, en word op sy beurt ook bepaal deur, die praktyk van opvoeding."(1960, p.65).

Volgens die skrywer is dit die taak van die goeie onderwyser om hom in die eerste plek toe te rus met 'n weldeurdagte lewens- en wêreldbeskouing. Waar die onderwyser te doen het met die opvoeding van sy volk se jeug, is dit van die grootste belang dat hy 'n grondige insig moet hê in al die fundamentele lewensvraagstukke.

....../11 (h)

(h) Taute (1955, p.20) neem as uitgangspunt by die bespreking van hierdie onderwerp die vier eienskappe wat Palmer (The ideal teacher) as vereiste vir die goeie onderwyser sien.

Ten eerste stel hy die vereiste dat die goeie onderwyser hom in die plek van die kind moet kan stel. Om dinge aan die kind duidelik te maak, om sy probleme raak te sien en om die kind te help met moontlike gedragsmoeilikhede, is dit essensieel dat die onderwyser hom in die plek van die kind moet stel.

'n Tweede vereiste van Palmer is dat die onderwyser 'n rykdom van kennis moet hê.

Derdens vereis hy die eienskappe wat nodig is om kinders te dwing om te leer en te ontwikkel sodat, wat geleer word, bydra tot 'n voller en ryker lewe.

Hieronder verstaan Taute (1955, p.22) daardie persoonlikheid en optrede van die onderwyser wat die kind eenvoudig dwing om te leer en in 'n sekere rigting te ontwikkel. Die onderwyser se optrede moet van so 'n aard wees dat dit aansteeklik op kinders inwerk. Sonder dat die leerlinge daarvan bewus is, word hul deur so 'n persoon betekenisvol beïnvloed en gerig. Dit is iets innerlik wat tog weerspieel word in die onderwyser se kyk, sy stem en sy manier van optrede.

In die laaste instansie noem Palmer die eienskap dat die onderwyser gewillig moet wees om vergeet te word. Hieruit lei Taute af dat die onderwyser sy werk as roeping moet beskou, iets wat hy nie bloot om sy bestaan doen nie, maar wel omdat hy hom innerlik daartoe

gedwonge voel. Die onderwyser wat 'n ware opvoedkundige wil wees, moet in die ware sin van die woord ook 'n godsdienstige mens wees. Hy moet sy roeping beskou in die lig van die ewigheid. "Hy moet sy werk vir God doen". (1955, p.24)

(i) 'n Ander ondersoek in die verband is gedoen deur B.F. Nel. Hy behandel die onderwerp onder bespreking hoofsaaklik onder die volgende hoofde: a) Die psigiese eienskappe van die onderwyser soos deur opvoedkundiges beklemtoon, b) die persoonlikheid van die onderwyser en c) hoe sien die kind die onderwyser. Nel (1947, hoofstuk III).

Wat die opvoedkundiges se standpunt betref, meen Nel (1947, p.84) dat die beste uiteensetting die van Georg Kerschensteiner is. Laasgenoemde was by uitnemendheid in staat om 'n oordeel te vel oor die psigiese eienskappe van die goeie onderwyser as daar in aanmerking geneem word dat hyself 'n praktiese onderwyser, 'n opvoeder en wetenskaplike denker was. "Die Seele des Erziehers und das Problem der Lehrerbildung" van Kerschensteiner word deur Nel as basis vir sy bespreking geneem.

In Pestalozzi sien Kerschensteiner die ware opvoeder. In hom sien hy nie die persoon wat vir eie gewin nie, maar wat opvoed as gevolg van 'n innerlike praktiese gerigte behoefte daartoe. Kerschensteiner soek veral vier wesenlike kenmerke by die goeie onderwyser (1947, p.88-92):

1. Die aangebore neiging om individuele mense te vorm en die ervaring van 'n gevoel van tevredenheid by die beoefening daarvan. Hy wys daarop dat die ware onderwyser 'n drang in homself voel om met

kinders om te gaan. Dit is meer as bloot net 'n gevoel van liefde vir die kind. Kerschensteiner sê dat die goeie onderwyser 'n soort kinderlike gemoed openbaar en die arbeidsgenot wat hy ervaar, word vergelyk met die spelgenot van 'n kind.

ii. 'n Ander vereiste is die vermoë om die vormingsproses te laat geskied in ooreenstemming met die vormbaarheid van die kind. Hierdie kenmerk van die goeie onderwyser berus in 'n groot mate op aanleg. Al besit die onderwyser die nodige kennis van die kind op bv. die fisiologiese, psigologiese of pedagogiese gebied, dan moet die onderwyser nog 'n aanvoeling hê om die siel van die kind te begryp.

iii. Derdens verwag Kerschensteiner by die onderwyser 'n aangetrokkenheid tot die onmondige en wordende wesens. Hier word veronderstel 'n fyn waarnemingsvermoë wat die onderwyser in staat sal stel om daardie eienskappe in die kind te ontdek waarop die persoonlikheidsideaal van die kind gebou kan word. Aangesien die opvoeder met baie verskillende tipes van kinders te doen het, moet hy steeds trag om objektief in sy oordeel te wees.

iv. "Die blywende wil om die jong gees tot waardegestalte te vorm" Hieruit vloei twee vereistes nl. 'n heersende houding en 'n karakter met bepaalde eienskappe. Kerschensteiner vereis die volgende vier grondslae vir 'n goeie en sterk karakter, wilsterkte, oordeelskrag, fyngevoeligheid en "ontvlambaarheid van die gemoed" (1947, p.91).

(j) Le Roux (1963) het 'n opname gemaak van die eienskappe van die goeie onderwyser, soos dit in die Afrikaanssprekende se kultuur

voorkom.

Hy het 'n lys met eienskappe aan sy proefpersone voorgelê en elke proefpersoon moes aandui watter eienskappe hulle as van oorheersende belang beskou vir die goeie onderwyser. Die lyste is versprei onder die volgende groepe persone:

a. Hoërskoolleerlinge:

In hierdie verband is kinders genader waar 'n gelyke verspreiding van alle bevolkingslae is; so is kinders uit die laer-inkomstegroepe, middel en hoër inkomstegroepe genader. Ook is landelike groepe by hierdie ondersoek ingesluit. Leerlinge in standerds ses, agt en tien het die lys gekry om te voltooi.

b. Onderwyskwekelingstudente:

Tweede- en derdejaar onderwyskwekelingstudente van 'n onderwysersopleidingsinrigting is geneem, omdat hulle uit alle dele van die land afkomstig is en hulle as goeie monster beskou is. Een honderd mans en een honderd dames is gevra om die lys te voltooi.

c. Onderwysers en dosente aan 'n onderwyskollege:

In hierdie geval het die navorser die personele van 'n laerskool, drie hoërskole en 'n onderwyskollege versoek om die lys te voltooi. Omdat daar getrag is om slegs die goeie eienskappe van die onderwyser op te spoor, is kwalifikasies, vakke ens. nie in ag geneem nie. Le Roux het aangeneem dat die eienskappe wat deur die proefpersone as die belangrikste beskou is, die meeste kere opgeteken sou

....../15 wees.

wees. Die moontlikheid dat die leerlinge moontlik nog te onryp is om 'n oordeel te vel oor menslike eienskappe, het hy ook in gedagte gehou, maar hy het soos Evans .....("A Criterion for the Appraisal of Student Teaching", p.114) gevind dat daar nie 'n groot verskil bestaan tussen die opvatting van kinders en die van volwassenes ten opsigte van die eienskappe van die onderwyser nie. Ook studente het dieselfde soort lys as die leerlinge gekry en van hulle is verwag dat hulle hul persoonlike sienswyse insake die onderwerp sou weergee. Die onderwysers en dosente is genader uit hoofde van hul kennis van die vakgebied en ook hul praktiese ervaring in die onderwys.

By nadere ontleding van die groot aantal eienskappe wat deur die proefpersone genoem is, het Le Roux (1963, p.476-480) bevind dat die eienskappe in nege kerngroepe ingedeel kan word, nl.:-

i. Menslike verhoudings.

"Eienskappe wat te doen het met die verhouding van die mens tot mens is hieronder ingedeel:-

(a) Bedagsaamheid........................ 9

(b) Erkentlikheid....................... 2

(c) Goedgemanierdheid.................. 39

(d) Hulpvaardigheid.................... 66

(e) Innemendheid....................... 4

(f) Menslikheid........................ 6

(g) Nederigheid........................ 6

(h) Onbevooroordeeldheid............... 14

......../16 (i)

| | | |
|---|---|---|
| (i) | Opregtheid.................. | 21 |
| (j) | Redelikheid.................. | 40 |
| (k) | Regverdigheid................ | 176 |
| (l) | Simpatie..................... | 60 |
| (m) | Sosiale aanpassing........... | 19 |
| (n) | Takt......................... | 15 |
| (o) | Verdraagsaamheid en geduld.... | 128 |
| (p) | Voorbeeldigheid.............. | 46 |
| (q) | Vriendelikheid............... | 256 |

ii. Persoonlikheidsorganisasie.

"Al daardie eienskappe waarvan die beheer en organisasie in die individu self gelokaliseer is, is onder hierdie hoof ingedeel. Dit is eienskappe wat outonoom 'n rol kan speel sonder dat die individu tussen ander verkeer. Normaalweg dui sulke eienskappe op gesonde persoonlike aanpassing. Le Roux (1963, p.276):-

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Beginselvastheid............. | 8 |
| (b) | Beslistheid.................. | 28 |
| (c) | Deeglikheid.................. | 2 |
| (d) | Eerlikheid................... | 35 |
| (e) | Gedissiplineerdheid.......... | 24 |
| (f) | Gelykmatigheid............... | 35 |
| (g) | Getrouheid................... | 2 |
| (h) | Goedgeaardheid, opgewek, optimisties..... | 23 |

(i) Hardwerkend.................... 29

(j) Humorsin....................... 109

(k) Kalmte......................... 4

(l) Konsekwentheid................. 17

(m) Persoonlikheid, karakter, temperament.... 92

(n) Pligsbesef..................... 37

(o) Selfbeheer..................... 14

(p) Selfvertroue................... 25

(q) Selfstandigheid................ 13

(r) Stiptheid...................... 34

iii. Gesag.

"Eienskappe wat te doen het met die vermoë om ander te beheer (veral kinders) ressorteer onder hierdie hoof. Le Roux (1963, p.477):-

(a) Dissipline..................... 60

(b) Leierskap...................... 24

(c) Strengheid..................... 274

(d) Vermoë om vertroue in te boesem 4

iv. Belangstelling in en liefde vir die mens.

"Die benaming van hierdie groep eienskappe is selfverklarend, nl. dat weens belangstelling en liefde, 'n toegeneentheid tot en behoefte aan insig in die medemens geopenbaar word. Le Roux (1963, p.477):

......./18 (a)

(a) Belangstelling in kind.................. 71

(b) Begrip van die kind.................... 25

(c) Liefde vir die kind.................... 78

(d) Liefde vir soort werk.................. 23

(e) Mensekennis............................ 28

(f) Naasteliefde........................... 8

(g) Sosiaal................................ 7

(h) Sport- en groepaktiwiteite............. 33

v. Kennis en belesenheid.

"Hieronder is ingedeel al daardie eienskappe wat te doen het met die verkryging, verbreding of toepassing van kundighede. Le Roux (1963, p.477):-

(a) Aanleg................................ 4

(b) Goed voorberei......................... 8

(c) Goeie verduideliker.................... 22

(d) Interessante aanbieding................ 42

(e) Steeds student bly..................... 8

(f) Vakkennis.............................. 145

(g) Vakliefde.............................. 17

(h) Verstandelike begaafdheid.............. 18

(i) Wye algemene kennis.................... 2

(j) Wye belangstelling..................... 9

vi. Persoonlike- en voorkomseienskappe.

......../19 "Daardie

"Daardie eienskappe wat uiterlik of objektief waarneembaar is en waarvan die beheer in die persoon self geleë is, is hieronder ingedeel. Le Roux (1963, p.477).

(a) Fisiese fiksheid en gesondheid.......... 14

(b) Netheid................................ 113

(c) Stem en voordrag....................... 74

vii. Dryfkrag.

"Hieronder ressorteer eienskappe wat te doen het met daadkrag, vitaliteit, lewensvuur en vermoë om te volhard. (1963, p.477)

(a) Aktief, lewendig, wakker............... 41

(b) Ambisieus.............................. 3

(c) Deursettingsvermoë..................... 14

(d) Entoesiasme............................ 32

(e) Inspirerende optrede................... 21

(f) Ondernemend............................ 9

(g) Organisasievermoë...................... 5

(h) Vindingrykheid en oorspronklik......... 11

(i) Ywerig................................. 2

viii. Volksdiens en volksbewussyn.

"Hierdie eienskappe beklemtoon veral die godsdiens en die onderwyser se volksgesindheid:-

(a) Godsdienstigheid....................... 122

(b) Nasionalisme........................... 6

........./20 

ix. Idealisme en roepingsbewustheid.

"Eienskappe wat strewe wat die verhewene aandui asook eienskappe wat 'n afwesigheid van direkte materialistiese neiging impliseer, is hieronder ingedeel. (1963, p.478).

(a) Idealisme........................... 22

(b) Roepingsbewustheid................. 12

"Op grond van die kwantitatiewe gegewens hierbo, asook die aanvaarde rasionaal, blyk dit dan dat die volgende eienskappe in volgorde van belangrikheid deel uitmaak van die toerusting van die goeie onderwyser:-

a. Gesonde menslike verhoudings:-

'n Teoretiese ontleding van die onderwysberoep bevestig die nadruk wat gelê is op bg. eienskappe. In die uitvoer van die pligte van die onderwyser, vind onvermydelik gedurig 'n interpersoonlike wisselwerking plaas. Indien 'n positiewe wisselwerking verlang word, is 'n positiewe verhouding van primêre belang. Ook waar ander ondersoeke se bevindinge in ooreenstemming is hiermee, dien dit as bevestiging daarvoor dat gesonde menslike verhoudings van sentrale belang is vir die goeie onderwyser.

b. Stabiele persoonlikheidsorganisasie:-

Hierdie eienskap sluit aan by bg. en wel in die sin dat alleen individue wat self goed aangepas is, gesonde menslike verhoudings kan verseker. Waar 'n onderwysstelsel dan ag slaan op gesonde sielkundige beginsels wat 'n rol mag speel in onderwyspraktyk, is die klaarblyklike belang van stabiele persoonlikheidsorganisasie voor-die-hand-

liggend.

c. Vermoë om gesag uit te oefen:-

In die huidige studie neem die gesagsfaktor as eienskap van die goeie onderwyser wel 'n belangrike posisie in, dog 'n nadere ontleding ten opsigte van die persone wat die faktor beklemtoon, bring interessante aspekte aan die lig. Die leerling lê nl. klem op hierdie eienskap, die onderwysstudent lê minder klem daarop en die onderwyser in die praktyk, lê feitlik geen klem op die eienskap as deel van die goeie onderwyser se toerusting nie.

d. Belangstelling in, en liefde vir die mens:-

Belangstelling en voorkeure is belangrike grondbeginsels waarop seleksie en plasing in beroepe berus. Waar die onderwyser se werk in wese mensgerig is, volg dit dat hy belangstel in, en 'n liefde sal hê vir sy medemens en in die besonder vir die kind.

e. Kennis en belesenheid:-

Die bybring van kennis is die onderwyser se eerste taak. Dit pas dus logies in die patroon dat die goeie onderwyser die nodige kennis en vaardighede sal besit vir die geslaagde uitvoer van sy pligte. In terme van die uiteenlopenheid van kinders se belangstellings en in terme van die talryke vae geleenthede wat deur assosiasies geskep word, is dit te wagte dat kundighede wat wyd strek, voordelig sal wees vir die onderwyser.

f. Persoonlike en voorkomseienskappe:-

Dit is bevind dat persoonlike netheid, goeie duidelike stem,

....../22 fisies

fisies fikse voorkoms en houding, beklemtoon word as eienskappe wat integraal verweef is met die hele persoonlikheid van die mens en waar sodanige algemene netheid waarskynlik ook dui op 'n algemene goed-georganiseerde soort persoon, is ook hierdie faktor 'n aanneemlike belangrike komponent in die toerusting van die goeie onderwyser.

g. Dryfkrag.

Die eienskappe wat onder hierdie hoof aan die lig kom, sal ten opsigte van enige beroep hoogs aan te beveel wees en kan lei tot uitnemende diens. Waar in die onderwys die mag van die voorbeeld 'n belangrike rol speel en verder, dit 'n opvoedkundige uitgangspunt is dat die kind tot werklus en ywer geïnspireer word, is die genoemde eienskappe seker van groot betekenis vir die goeie onderwyser.

h. Godsdienstigheid en volksbewussyn:-

Vir direkte onderwysdoeleindes is die belang van hierdie eienskappe debatteerbaar. Die beklemtoning daarvan is egter 'n weerspieëling van die kulturele opvattinge van die proefgroepe. Die Christelik-Nasionale aspek van die Afrikaanssprekende se onderwysopvattings is dikwels beklemtoon.

i. Idealisme en roepingsbewustheid:-

Prakties gesproke, is dit aanneemlik dat die goeie onderwyser 'n hoë of verhewe doelwit sal koester ten opsigte van sy werk.

Deur begripsontleding is egter bevind dat uiteenlopende waardes geheg word aan die begrip idealisme. In sommige gevalle word 'n betekenis van die onbereikbare, die verhewene wat werkresultate betref, daaraan geheg. In ander gevalle is dit weer die objektiewe werkresul-

tate, soos weerspieël in leerlingvordering, wat sinoniem is met idealisme. Ook die begrip roepingsbewustheid skyn vaag en betekenisloos te wees wanneer deur nadere ontleding daarop ingegaan word. Dit mag so wees dat albei hierdie eienskappe (indien dit so genoem kan word), hoogs belangrike elemente is in die toerusting van die goeie onderwyser. Waar egter vaagheid bestaan oor die presiese aard van die elemente, is dit dan nader aan korrek om dit weg te laat as besondere, onontbeerlike eienskappe van die goeie onderwyser." (Le Roux, 1963, p.480).

1.3. Samevattende beskouing.

Dit is haas onmoontlik om 'n volledige samevatting te gee van al die eienskappe wat die goeie onderwyser kenmerk. Aan die hand van 'n groep eienskappe wat deur die verskillende ondersoekers beklemtoon word, of wat hoë tellings (frekwensies) getoon het, kan die hoofklem op die volgende val:-

a. Menslike verhoudings:-

Waar die onderwyser by uitnemendheid in 'n sosiale situasie met interpersoonlike verhoudings verkeer, moet die goeie onderwyser 'n sosiaal aangepaste persoon wees in wie die volgende eienskappe as baie belangrik beskou word: lief vir mense en kinders, vriendelik, verdraagsaam en geduldig, regverdig en streng met 'n goeie dissipline.

b. As persoonlikheidseienskappe wat die goeie onderwyser kenmerk, kan die volgende genoem word: humorsin, gebalanseerdheid waardeur nie oorhaastige beslissings geneem word nie, vry van angs en spanning,

wat 'n openbaring is van verantwoordelikheid en wat respek en waardigheid afdwing. Daarby moet hy intelligent wees met goeie kennis en insig. Hy moet 'n dinamiese persoon wees wat wakker en opgewek is, met dryfkrag, entoesiasme en idealisme. Hy moet planmatig en goed kan organiseer. Hy moet net en gesteld wees op sy persoon.

Vir die ondersoek wat in hierdie studie beoog word, sal van hierdie eienskappe afgeweeg moet word teenoor sekere persoonlikheids- en temperamentseienskappe. Voordat dit onderneem kan word, sal eers 'n ontleding van laasgenoemde eienskappe in die volgende hoofstuk gegee word.

# HOOFSTUK II.

## SEKERE PERSOONLIKHEIDS- EN TEMPERAMENTSEIENSKAPPE.

### 2.1. Algemeen.

Die persoonlikheids- en temperamentseienskappe wat in hierdie ondersoek aan die orde kom, het in daardie historiese ontwikkelingstydperk van die sielkunde ontstaan toe tipologie die wagwoord in die sielkunde was. Om hierdie eienskappe in die juiste perspektief te sien, sal dit nodig wees om 'n kort oorsig oor enkele tipologieë te gee en om dan die bepaalde eienskappe, wat vir hierdie ondersoek beoog word, uit te lig.

### 2.2. 'n Kort oorsig van enkele tipologieë.

Om Jung en Heymans se tipologieë enigsins in die regte lig te sien, sal 'n kort oorsig oor enkele tipologieë gegee word. Dit sal geen histories volledige en omvattende oorsig wees nie, want die doel is om perspektief te gee in Jung en Heymans se werk.

Vanaf die vroegste tye is daar getrag om die mensdom in verskillende ooreenkomsgroepe in te deel. Mennicke, (1950, p.115) sê "Er zijn dan ook onderzoekers, die het individuele zo sterk accentueeren, dat van een typologische indeling nauweliks sprake is." Volgens Bigot et al (1961, p.274) is daar met verloop van tyd hoofsaaklik op tweërlei wyse getrag om 'n indeling te maak nl.:-

(i) die indeling op grond van die noue verband wat daar bestaan tussen liggaamlike en geestelike eienskappe (temperamentsindeling);

(ii) die indeling hoofsaaklik gebaseer op psigiese kenmerke.

As voorbeeld van die eerste tipe indeling noem hy die tipologie van Hippokrates, en as voorbeeld van die tweede noem hy die tipologie van Plato en Queyrat. Laasgenoemde het hoofsaaklik onderskei tussen verstandsmense, gevoelsmense en wilsmense.

(a) Die onderlinge ooreenkoms van sommige mense het daartoe gelei dat Hippokrates (430-359 v.C.) die mense in vier basiese temperamentstipes ingedeel het en wel a.g.v. die geloof dat daar sekere vloeistowwe in die menslike liggaam is wat vir die verskille verantwoordelik is. Daardie soort vloeistof wat oorheersend in die liggaam van 'n persoon aanwesig is, sou sy temperament bepaal. Op grond hiervan onderskei hy eerstens die choleriese tipe, wat die resultaat is van die hoeveelheid geelgal (choler) wat in die liggaam aanwesig is; die melancholiese tipe het weer sy oorsprong in die oorheersende hoeveelheid swart gal (melan chole) wat in die liggaam aanwesig is. Derdens vind hy die flegmatiese tipe, omdat die flegma die oorheersende vog in die liggaam is en beskou hy hierdie tipe persone as afsydig en stadig van aard; in die laaste instansie beskryf Hippokrates die sanguiniese (bloed) tipe in wie se liggaam die oorheersende vog die bloed is en hy meen hulle openbaar hulle as warme optimistiese persone.

Wanneer die verskillende vogte in die liggaam goed vermeng is, word daar algemene gesondheid ervaar, terwyl afwykings van die vermenging siektes tot gevolg het. (Ter Haar: 1931, p.5).

......./27 (b)

(b) Theophratus, ongeveer 370-280 v.C, het ook 'n omvangryke tipologie uitgewerk. Alhoewel nie baie sistematies nie, was die kern van sy tipologie die opvallende kenmerke wat mense in die alledaagse lewe openbaar. Hy het dertig tipes soos o.a. die praatlustige, die luidrugtige, die ydele ens., beskrywe. (Dirks: 1962, p.7).

(c) Op die basiese eienskappe van Hippokrates se indeling, het die medikus, Galenus, (131-201 n.C.) sy bekende temperamentsleer opgestel, "........... waarbij de naam temperament reeds wijst op het verband met de opvatting aangaande de mening der lichaamsvochten, die ook in de namen der temperamenten zelf weer duidelik aan het licht treedt." (Ter Haar: 1931, p.6). Volgens Galenus was die cholerici (geel gal) heftige en opvlieënde mense, die melancholici (swart gal) was somber van aard, pessimisties en swartgallig; die flegmatici was kalm en die sanguinici was opgewek en wispelturig.

Kant was veral beïndruk deur hierdie indeling van Galenus en het dit ook soos volg geïnterpreteer: sanguinici word veroorsaak deur ligbloedigheid, melancholici deur swaarbloedigheid, cholerici deur warmbloedigheid en flegmatici deur koudbloedigheid. (Ter Haar: 1931, p.7).

(d) Spranger het met sy tipologie groot bekendheid verwerf. Hy was die mening toegedaan dat dit vir die mens altyd in die lewe gaan om daardie waardes wat geliefd en gesog is. Hy het dan ook tot die gevolgtrekking gekom dat dit moontlik is om die mensdom in verskillende tipes te verdeel op grond van die waardes wat hulle in die lewe nastreef (Dirks: 1952, p.10). Die waardes is objektiewe kultuurwaardes wat

...../28 teenoor

teenoor die mens staan. Deur allerlei faktore soos bv. aanleg, milieu, opvoeding ens., ontstaan daar by elke mens 'n individuele waardesisteem. Alle kultuurwaardes is in 'n persoon werksaam, maar gewoonlik domineer een en beïnvloed dan die ander. So het dit moontlik geword om sy tipologie op te stel. Spranger kom tot ses lewensvorme.

| Kultuurwaardes. | | Lewensvorme. | | Kort karakteristiek. |
|---|---|---|---|---|
| Ekonomie | - | die ekonomiese mens | - | hy werk; |
| politiek, staat | - | die magsmens | - | hy heers; |
| gemeenskap | - | die sosiale mens | - | hy diens; |
| wetenskap | - | die teoretiese mens | - | hy dink; |
| kuns | - | die estetiese mens | - | hy geniet; |
| godsdiens | - | die religieuse mens | - | hy aanbid. |

Dujker et al : 1963, p.291).

(i) In die eerste plek noem Spranger ekonomiese waarde. Hy is prakties georiënteer en dus hoofsaaklik materialisties in sy beskouinge van die lewe.

(ii) Die magsmens vind sy hoogste waarde in die lewe in die vorm van mag. Die politiese tipe streef gedurig na meer mag, want hy wil ander oorheers en homself altyd laat geld.

(iii) Die sosiale mens se hoogste lewenswaarde is geleë in sy medemens, "......... vooral in de hoogste vormen der gemeenschap, de liefde....." (Kuypers: 1963, p.263). 'n Lewe sonder ander mense kan hy homself nie indink nie. In hierdie geval is 'n onderverdeling ook moontlik, want by die een persoon vorm die gesinsverband die sen-

sentrale waarde en by die ander persoon vorm die gemeenskap meer die sentrale punt.

(iv) In die geval van die teoretiese mens is die persoon teoreties teenoor die lewe ingestel. Hy dwing sy gevoelens op die agtergrond en sien die lewe dus in 'n objektiewe lig.

(v) Die estetiese mens is die persoon wat sy hoogste waarde vind in die estetiese. Hierdie persoon word sterk gemotiveer deur sy strewe na die skoonheid. Soos die teoretiese mens, staan hy ook enigsins buite die werklikheid van die lewe. "Zij staan in het leven als in een machtig theater waar zig aan allen kanten allerlei tragedies afspelen." (Kuypers: 1963, p.263).

(vi) 'n Laaste tipe wat Spranger noem, is die religieuse mens. Welwillendheid teenoor die godsdiens is by die persoon gewoonlik 'n kenmerk. (Kuypers: 1963, p.264) "De kern van hun godsdienstige vorm van belewing is het zoeken naar de hoogste waarde. Voor hen is derhalwe het aardse leven van minder betekenis." (Dirks: 1962, p.13).

(e) Kretschmer het na vele ondersoek en eksperimentering 'n aantal tipes opgestel waar die leidende gedagte was dat daar 'n groot en innige verband bestaan tussen die bou van die liggaam en die karakter. Kretschmer het 'n diepgaande studie oor die erflikheid van temperament en konstitusie gemaak. By nadere ondersoek en nougesette beskouing van die liggaamsbou van 'n groot aantal pasiënte van verskillende ouderdomme, leeftye en stande, sodat toevallige foute so

ver as moontlik uitgeskakel kan word, het Kretschmer 'n merkwaardige ooreenstemming tussen liggaamsbou en temperament bespeur. In sy boek "Körperbau und Charakter" (20ste druk 1951) kry ons 'n wetenskaplike fundering en uitwerking van die alombekende volkswysheid, dat die uiterlike van die mens sy innerlike verraai. Dink in die verband bv. aan die volgende uitdrukkings: rondborstig, enghartig, 'n ope blik, 'n edel voorhoof, 'n vriendelike mond, koue oë ens. Kretschmer wys ook daarop dat die duiwel nooit afgebeeld word as 'n goedige gesette persoon nie, en 'n heks word altyd as 'n maer en hoekige persoon met 'n skerp neus geskets. Volgens Rombouts het hierdie werk van Kretschmer buitengewone invloed gehad. (Rombouts: 1932, p.225).

Kretschmer het daarop aanspraak gemaak dat skrywers van alle tye 'n aanvoeling toon vir die verskillende temperamente en die daarmee gepaardgaande liggaamsbou. Shakespeare was daarvoor verantwoordelik dat Caesar die volgende woorde gebesig het:

> "Let me have men about me that are fat;
> Sleek-headed men and such as sleep o'nights
> Yong Cassius has a lean and hungry look......."
>
> (Cattell: 1947, p.294).

Kretschmer sien die verband ook geleë in die interne sekresie van die verskillende organe soos die skildklier, byniere en geslagskliere. Ons weet immers dat wanneer hierdie kliere verwyder word, ingrypende veranderings intree op die gebied van die temperament en vitaliteit van die persoon. Kretschmer se tipes kan kortliks soos volg beskryf word:

....../31 (1)

(i) Die leptosoom.

Die leptosoom vertoon hom aan ons as 'n lang maer man met smal skouers en dun arms, smal hande, lang plat borskas waarvan 'n mens die ribbes kan tel en 'n maag sonder vet. Die liggaamsgewig is gering in verhouding met die lengte, die borsomvang klein teenoor die heupomvang. Hierdie eienskappe bly gedurende die hele leeftyd dieselfde. By leptosome vroue is die oneweredigheid tussen liggaamslengte en die gewig minder as by mans, hoofsaaklik omdat vrouens korter is.

(ii) Die atletiese tipe.

Atletiese mans het lang ledemate, breë uitstaande skouers en smal heupe. Die skelet is stewig, veral by die skouergordel, die spiere is kragtig ontwikkel onder 'n elastiese vel, sodat hul reliëf goed te sien is. Die nek en kop is pragtig gebou met 'n hoë middelste gedeelte van die gelaat. Die tipiese atleet het 'n vaal-bleek gelaat en soms is die hande besonder groot.

(iii) Die pikniese tipe.

Mense met die liggaamsbou is op middelbare leeftyd stewige geboude figure met kort ledemate en 'n ronde plomp gesig met die neiging van 'n fris gelaatskleur. Die skelet is stewig, die spiere is swak en die gesig, nek en romp is vet. Die hoof, bors en buik toon 'n groot omvang, terwyl die skouers meer smal en inmekaar gedruk vertoon en aan die lyf 'n vaatjie-vorm verleen. Die hoof sit meer na vore op die kort dik nek. Die hande is kort en breed maar sierlik

....../32 gevorm.

gevorm. Hierdie tipe het meestal sagte, dun hare en daar is 'n neiging van die hare om vroeg uit te val.

(iv) Die displastiese tipe.

Hulle word displasties genoem, omdat hulle van die normale vorm op een of ander punt skerp afwyk. Hierdie afwykings kom weinig voor by persone wat tot die pikniese tipe behoort maar uitsluitlik by hulle wat met die atletiese of leptosome verwantskap toon. Gewoonlik kry ons by hierdie tipe byna sonder uitsondering psigiese afwykings.

Wat die karaktertipes betref, onderskei Kretschmer by abnormale persone, in navolging van Kraeplin, tussen sirkulêre en skisofrene tipes. By persone wat val tussen normaliteit en abnormaliteit onderskei hy tussen skisoïde en sikloïde tipes. By normale persone onderskei Kretschmer die volgende tipes:

(i) Die skisotieme tipe: Die naam wys daarop dat daar in die gevoelslewe van die mense 'n eienaardige splitsing bestaan, sodat hul enersyds 'n gevoelige of selfs oorgevoelige indruk maak, terwyl hul andersyds koud en stug is.

(ii) Die siklotieme tipe: Siklotiem beteken letterlik wisselend van gemoed, en inderdaad gee hierdie naam die tipiese van die karakter treffend weer. Oor die algemeen is hulle gemoedelike mense met 'n sin vir humor. Hulle kan maklik in die stemming van die omgewing opgaan en is gesellig, vriendelik en realisties.

(iii) Die viskeuse en epileptoïde: Viskeus beteken letterlik

taai of traag. Die tipe is dan ook rustig en reageer weinig op uitwendige prikkels. Wanneer hulle ontplooi, is hulle toornig en agressief. Die kenmerke kom ook voor by epileptici. Daarom gaan die viskeuse temperamentsvorm oor in die "epileptoïde"-tipe.

Kretschmer het gepoog om toevallige foute sover moontlik uit te skakel deur jong en ou en mense van iedere leeftyd en stand te neem. Van groot belang is ook die feit dat hy so 'n groot aantal persone getoets het, sodat sy bevindings nie op losse voet staan nie. Vir die karakterkunde het Kretschmer 'n baie mooi beskrywing en uiteensetting van die verskillende karaktertipes gegee.

(f) E.R. Jaensch word beskou as die vader van die Marburgse skool wat veral die leer van die eidetiek voorgestaan het. Hy het 'n ander tipologie die lig laat sien op grond van die eidetiese verskynsels. Die eidetiese beelde kan voorkom op alle sintuiglike gebiede. (Hattingh: 1940, p.8). Sommige mense besit die vermoë om dinge wat hul vroeër gesien of gehoor het in die letterlike sin van die woord weer te "sien" of te "hoor", terwyl daar geen objektiewe waarneming is nie. (Bigot, Kohnstam en Pollard: 1961, p.145).

Jaensch het 'n ooreenkoms tussen die beelde en die konstitusie gevind. Hy plaas teenoor mekaar die "basedowide tipe", wat beweeglik en mededeelsaam is en wat maklik deur ander beïnvloed word en die "tetanoïde tipe" wat geslote, wantrouerig en dromerig is. Die konstitusie-tipes vertoon groot ooreenkoms met die tipologie van Kretschmer (Esser: 1952, p.145). Die grondbeginsel waarop hierdie tipologie

....../34 gefundeer

gefundeer is, is die prinsipe van integrasie en disintegrasie. Jaensch veronderstel dat die persoonlikheid opgebou is uit lae, sfere, "Schichten" en dat die lae van 'n persoon die ooreenstemmende (eidetiese - J of D) struktuur vertoon (Hattingh: 1940, p.198).

(g) Sheldon het by die vasstelling van sy tipologie gebruik gemaak van foto's. Hy het besluit dat daar drie basiese samestellings is, nl.:-

(i) Endomorfie: Die tipe persoon gee die indruk van rondheid. Die verteringsorgane is goed ontwikkel en die gebeente en die spiere is onderontwikkel.

(ii) Ektomorfie: Die tipe se bors is gewoonlik plat en die uiterlike voorkoms is sieklik en maer. Die spiere is onderontwikkel.

(iii) Mesomorfie: Hierdie tipe openbaar 'n sterk en goedontwikkelde been- en spierstelsel. Die liggaam is taai en hy is in staat tot groot liggaamlike inspanning. Na noukeurige statistiese ontleding van persoonlikheidseienskappe het Sheldon die volgende klassifikasie die lig laat sien:

1. Viskerotonia: Die tipe word gekenmerk deur 'n neiging om alles ligweg op te neem; hulle is gesellig, lief vir mense, lief om te eet en te drink en hulle openbaar 'n behoefte aan liefde en vriendskap.

ii. Somatotonia: Hierdie tipe is lief vir kragtoere en aksie. Hulle is geneig om baie te waag en openbaar 'n liefde vir avontuur en enige fisiese inspanning.

iii. Serebrotonia: Hierdie mense is terughoudend en openbaar inhibisies en selfbewustheid. Hulle hou van eensaamheid en is nie baie sosiaal nie.

(h) Jung, 'n psigiater te Zurich, breek in 1913 weg van die psigo-analitiese skool van Freud en stig 'n nuwe skool nl. die Analitiese Psigologie. Die skepper van die analitiese psigologie onderskei hom van sy leermeester Freud en een van sy tydgenote nl. Adler, daarin dat hy in 'n sterker mate die behoefte gevoel het om sy sienswyse omtrent die geesteslewe van die mens te fundeer op bespiegelinge van 'n wysgerige aard.

Om Jung se sisteem deeglik te verstaan, moet 'n mens eers kennis neem van sy siening van die psige. Vir hom is die psige nie minder werklik as die liggaam self nie. Hoewel dit nie aanskoulik en tasbaar is nie, bestaan dit ten volle en is duidelik waarneembaar. Onder psige verstaan Jung die totaliteit van alle psigiese prosesse, sowel bewus as onbewus. Die psige omvat twee sfere wat aanvullend is nl. die bewuste en die onbewuste. Sowel die bewuste as die onbewuste het 'n aanpassingsfunksie. Die bewuste sorg vir die aanpassing na buite en die onbewuste is verantwoordelik vir die aanpassing aan die innerlike. Die bewuste maak maar 'n klein deeltjie uit van die hele psige. Die ego vorm die middelpunt van die bewuste en is medeverantwoordelik

vir die uiterlike aanpassing by die werklikheid.

Die bewuste word weer omring deur die onbewuste wat al daardie inhoude bevat waarvan sommige enige tyd bewus gemaak kan word. Die onbewuste materiaal bestaan verder uit inhoude wat o.a. onderdruk word, omdat dit om verskeie redes onsmaakvol is. Die onbewuste is ouer as die bewuste, dit wil sê die bewuste word hoofsaaklik gebou op die fundamentele psigiese aktiwiteit, wat ontstaan in die funksionering van die onbewuste.

Jung onderskei verder in die struktuur van die bewuste vier fundamentele funksies. Onder psigologiese funksies verstaan Jung 'n bepaalde vorm van die psigiese aktiwiteit wat teoreties konstant bly onder veranderlike omstandighede en wat heeltemal onafhanklik is van die tydelike inhoude.

Hierdie vier funksies is:

(i) rasionele funksies nl. denke en gevoel en

(ii) irrasionele funksies nl. gewaarwording en intuïsie.

Die rasionele funksies werk met die waardebepaling en beoordeling. Die denke is daardie funksie wat poog om die omgewing te verstaan en daarby aan te pas deur middel van 'n bewuste waarneming en kennis. In teenstelling hiermee is die gevoelsfunksie se benadering vanuit die standpunt van lus en onlus. Albei is egter rasioneel, omdat hul te doen het met waardebepaling.

Die ander twee funksies word deur Jung irrasioneel genoem, omdat dit hier nie gaan om die waardebepaling nie, maar hoofsaaklik om die

waarneming. Die gewaarwording is bewustelik sintuiglik, terwyl die intuïsie onbewus-sintuiglik is.

Ofskoon 'n mens 'n aanleg oor al vier hierdie funksies kan beskik, blyk dit volgens Jung, dat die mens by die aanpassing by die werklikheid, hom hoofsaaklik slegs van een funksie laat bedien. Hierdie funksie differensieer homself steeds sterker en word meer en meer die dominerende aanpassingsfunksie. Dit bepaal die tipe individu sodat 'n mens praat van 'n denktipe, gevoelstipe, gewaarwordingstipe en die intuïsie-tipe.

Die funksionele tipe waartoe 'n persoon behoort, klassifiseer hom in 'n bepaalde psigologiese karakter. Jung onderskei hier op tweërlei wyse van instelling op of die innerlike of die uiterlike wêreld, nl. introversie en ekstroversie. Die introvert is die na binnegekeerde persoonlikheid. Sy innerlike wêreld is sy uitgangspunt van oriëntering. Sy aanpassing by die buitewêreld is nie altyd geslaag nie en sy optrede is dikwels aarselend, "........... de introvers verschanst zich tegenover de buitewereld en doet net alsof hij met haar niets te maken heeft. Nietemin is hij so begerig naar het applous van die buitewereld." (Kuypers: 1963, p.256).

Die ekstrovert is die na buitegekeerde persoonlikheid. Hy oriënteer hom veral met die buitewêreld; sy denke, sy gevoelens, gewaarwordings ens. staan sterk onder die invloed van persone en sake in sy omgewing. Sy aanpassing by die buitewêreld is meestal goed en sy optrede is snel en beslis. Verder word die ekstrovert gekarakteriseer

......./38 deur

deur 'n positiewe verhouding ten opsigte van die objek (doel), terwyl die introvert gekenmerk word deur 'n meer negatiewe houding. Die ekstrovert volg in sy aanpassing en responspatrone meer die uiterlike kollektiefgegronde norme, die tydgees ens. Die introvert se reaksie, aan die anderkant, word hoofsaaklik bepaal deur subjektiewe faktore, en as gevolg daarvan kry ons by hom dikwels 'n onsuksesvolle aanpassing t.o.v. die buitewêreld.

Die ekstrovert dink, voel en handel met verwysing na 'n doel en hy oriënteer hom hoofsaaklik met dit wat buite homself geleë is. By die introvert is die uitgangspunt van sy oriëntasie die voorwerp en is die doel (objek) vir hom heeltemal sekondêr of van indirekte waarde.

Persone word as ekstrovert of introvert gesien, maar daarmee word nie te kenne gegee dat hulle nie sommige kenmerkende eienskappe van die ander groep openbaar nie. Dit lyk asof die meerderheid mense êrens tussen die twee uiterstes val en hulle word dan ambiverte genoem. Skematies onderskei Jung dus tussen die volgende tipes:

| <u>Ekstrovert.</u> | <u>Introvert.</u> |
|---|---|
| Verstandstipe | Verstandstipe. |
| Gewaarwordingstipe | Gewaarwordingstipe. |
| Intuïtiewe tipe | Intuïtiewe tipe. |
| Gevoelstipe | Gevoelstipe. |

Volgens Jung word die denke op tweërlei wyse gevoed nl. eerstens op 'n subjektiewe, onbewuste wyse en tweedens deur objektiewe gegewens afkomstig van die sintuie. Daar word selde gevind dat alle basiese

psigologiese funksies van die persoonlikheid dieselfde graad van ontwikkeling bereik. In die reël word daar gevind dat een of ander funksie, wat ontwikkeling en krag betref, die ander funksies oorheers. As die oorheersende funksie in 'n persoon die denke of verstand is, dan praat ons van 'n verstandstipe.

Die ekstroverte verstandstipe se hoofdoel in die lewe bv. "....... is to bring his total life activities into relation with intellectual conclusions, which in the last resort are always orientated by the objective data, whether objective facts or general valid ideas." (Jung: 1944, p.435). Hierdie persoon se denke en besluite vind altyd sy oorsprong in objektiewe gegewens. Aan hierdie formule word nou goed of sleg, mooi of lelik, gemeet. Net soos hierdie tipe hom aan sy eie formule onderwerp so moet ook alle ander mense hul daaraan onderwerp anders is hul onredelik, immoreel en sonder 'n gewete. Die gevoelsfunksie kom in direkte botsing met hierdie formule en word dus onderdruk. As die repressie slaag, verdwyn die bewustelike gevoelens en word die funksie se werksaamhede in die onbewuste voortgesit. Hierdie tipe word veral by die manlike geslag aangetref.

Die introverte verstandstipe word ook soos die ekstrovert deur sy verstand gelei, maar in 'n omgekeerde rigting nl. na binne en nie na buite nie. Die innerlike struktuur van sy denke is vir homself duidelik, maar dit gaan hom nie aan of dit met die werklikheid buite hom strook nie. Hy werk dikwels stadig en met moeite. As onderwyser het hy min persoonlike invloed, omdat die mentaliteit van sy leerlinge vir

hom vreemd is. "He is a poor teacher, because while teaching his thoughts are engaged with the actual material, and will not be satisfied with its mere presentation." (Jung: 1944, p.488).

Die ekstroverte gewaarwordingstipe is by uitnemendheid die realis. Wat lg. betref word hy deur geen ander tipe oortref nie. Ons vind dat die tipe ook veral by die manlike geslag voorkom. Sy hoofdoel in die lewe is om te geniet en sy moraliteit word dan ook hiervolgens georiënteer. Soms ontwikkel hul in plesiersoekers of selfs wellustelinge. Die intuïsiefunksie van die siel word by die tipe doelbewus geïgnoreer en die onbewuste word uit sy kompenserende hoedanigheid gedwing, sodat dit openlik in opstand kom. In die meer akute gevalle ontwikkel dan alle moontlike fobies maar veral kompulsiewe simptome.

Die oorheersing van introverte gewaarwording het volgens Jung 'n spesifieke tipe tot gevolg. Dit is 'n irrasionele tipe en daarom ondervind hul moeilikheid om hulself uit te druk. Die ekstroverte gewaarwordingstipe word bepaal deur die intensiteit van objektiewe invloede wat op hul inwerk.

Intuïsie is hoofsaaklik 'n onbewuste proses en juis daarom is die bewuste begrip daarvan moeilik. Die primêre funksie van die intuïsie is die deursending van eenvoudige beelde wat nie deur die ander funksies ontvang kan word nie. Intuïsie soek dus na moontlikhede in situasies wat deur die ander funksies nie ontdek kan word nie, "Where intuition has the priority, every ordinary situation in life seems like a closed room, which intuition has to open. It is constantly

......./41 seeking

seeking outlets and fresh possibilities in external life." (Jung: 1944, p.463).

Die intuïtiewe tipe is steeds op soek na nuwe moontlikhede. Die denke en gevoel speel by die persoon 'n minderwaardige rol, omdat dit nie opgewasse is teen die krag van die intuïtiewe funksie nie. Die ekstroverte intuïtiewe tipe se moraliteit word nie gerig deur sy denke of gevoel nie, maar hy het sy eie karakteristieke moraliteit wat steeds lojaal bly aan die intuïtiewe kyk op sake en dinge. Sy sorgsaamheid teenoor sy medemens laat veel te wense oor. Hy openbaar nie veel agting vir die oortuigings en gewoontes van sy medemens nie en word soms as immoreel beskou. Hierdie tipe kom meer by vrouens voor as by mans. So 'n vrou verstaan die kuns om sosiale geleenthede te benut; hul verkry altyd die regte sosiale kontakte en soek geliefdes wat vir hul groot moontlikhede bied.

Die introverte intuïtiewe tipe openbaar hom op tweërlei wyse nl. aan die eenkant die stil teruggetrokke dromer en aan die anderkant die toegewyde kunstenaar.

Die ekstroverte gevoelstipe kom feitlik sonder uitsondering by die vroulike geslag voor. Sy is die vrou wat veral deur haar gevoel gelei word. Omdat gevoel en denke feitlik antagonisties teenoor mekaar staan, word die denke by hierdie tipe op die agtergrond geskuif. Dit wil nie sê dat hier nie sprake van denke is nie, maar die denke is onderhewig aan die gevoel. Hulle kan nie dink wat hulle nie ook voel nie. Die denke as onafhanklike funksie word onderdruk en in baie ge-

....../42 valle

gevalle verdring na die onbewuste. By hierdie tipe is die inhoud van die onbewuste dus van 'n denkende aard. "Hysteria, with the characteristic infantile sexuality of its unconscious world of ideas, is the principal form of neurosis with this type." (Jung: 1944, p.452).

Volgens Jung kom die introverte gevoelstipe hoofsaaklik by vrouens voor. Hulle is gewoonlik stil, ongenaakbaar en moeilik om te verstaan. Hulle gedrag is gewoonlik onopvallend, hul vertoon 'n aangename kalmte en hul openbaar geen begeerte om ander te beïnvloed of te imponeer nie. Die introverte gevoelsmens sal bv. sy gevoelslewe innerlik verwerk, weinig daarvan na buite vertoon en dit self laat ontwikkel.

Heymans se biografiese ondersoeke en sy enquêtes wat hy in samewerking met Wiersma, sy kollega in die psigiatrie, opgestel het, dateer vanaf die begin van die huidige eeu. Die biografiese ondersoek het aan hom die materiaal verskaf vir die verlangde empiriese kontrole op sy teoreties-gekonstrueerde tipe-indeling. Aanvanklik het hy die tipes nog karakter-tipes genoem. Later het dit komplekse psigologiese tipes geword en vandag word dit aanvaar as temperamentstipes.

As uitgangspunt het Heymans 110 persone uit verskillende tye en sosiale stande se biografieë geneem. Vervolgens het hy en Wiersma die sg. herediteitsenquête aan alle Nederlandse dokters gestuur van wie 458 die vraelyste beantwoord het en die navorsers dus in besit gestel het van 2523 persoonlikheidsbeskrywings. Ter aanvulling hiervan is ook 'n tweede enquête aan dosente en onderwysers gestuur. Hierdie

....../43 bronne

bronne het hulle in besit gestel van gegewens aangaande 3000 jongmense tussen die ouderdom van 12-20 jaar.

Uit die gegewens verkry uit die biografieë, het Heymans ses van sy agt persoonlikheidstipes gevind. Die apatiese en die amorfe tipes het tot dusver nog ontbreek. Laasgenoemde feit dui nie noodwendig op 'n gebrek in sy bevindinge nie, maar het eintlik die waarde van sy persoonlikheidsindeling verhoog (Van der Vleugel: 1939, p.7 en 8). Die apatiese en amorfe tipes is bygevoeg nadat die 2523 erediteitsenquête bestudeer is. Uit die korrelerende eienskappe het dit toe duidelik geblyk dat die twee tipes dit selde so ver bring dat hul biografieë geskryf word.

(i) <u>Die Primêre en Sekondêre Funksies:</u>

Volgens Heymans het Otto Gross al in sy werk "Die cerebrale Sekundärfunktion", Leipzig 1902, gewys op die belangrikheid van hierdie teenstellende tipes. "Secundaire functie, noemt Otto Gross (1902) en na hom ook Heymans, het blijven nawerking van (gemoeds) indrukken als persoonskenmerk" (Van Essen: 1953, p.251-252). Hy noem die psigiese werksaamheid wat uitgeoefen word deur ons voorstellings en emosies, wat nog in die sentrale bewussyn teenwoordig is, die primêre funksie.

Daarteenoor noem hy die psigiese funksie wat met hul werking nog voortgaan nadat dit reeds uit die sentrale bewussyn verdwyn het, die sekondêre funksie. Op grond hiervan onderskei hy die mens as primêr- en sekondêrfunksionerend. "........ de secundair functie. Hieronder

....../44 verstaan

verstaan wij de nawerking, die psychische inhouden nog uitgeoefenen op het bewustzijn, nadat zij uit het bewustzijn verdwenen zijn....."

........................... Alle psigiese inhouden, die in ons bewustzijn komen, verdwijnen daaruit weer na korten of langeren tijd, maar dat wil niet zeggen, dat zij nu in het niet verzonken zijn. Zij kunnen ook weer in het bewustzijn terugkeren. Dit laatste is de werkzaamheid van het geheugen en wij moeten er ons voor hoeden om geheugen en secundaire functie met elkaar te verwarren...............

"Naarmate nu onbewuste voorstellingen meer of minder nawerken, zeggen wij, dat iemand secundair-functioneerend of primair-functioneerend is.............

........................... De secundair functie heeft een dempende werking." (Ter Haar: 1931, p.20-21).

Drever omskryf die sekondêre funksie soos volg: "Secondary Function: the persistence of a nervous or mental process, or its influence, for some time after its primary function has been, so to speak, performed, as in the phenomena of perseveration; one of the differentiating features, marking off types of temperament of personality, in the opinion of some investigators. (Heymans and Wiersma, 1953,p.256).

"Hierdie nawerking, of sekondêre funksie moet toegeskryf word aan die eienskap van neurone om nog 'n tydjie in 'n verhoogde aktiwiteitstoestand te bly." (Du Toit, van der Merwe, 1966, p.402).

Ter verduideliking van die primêre en sekondêre funksie onderskei Heymans tussen 'n engere en 'n ruimere bewussyn. Eersgenoemde of

......./45 sentrale

sentrale bewussyn bestaan uit dit wat vir ons op hierdie oomblik as bewussynsinhoud gegee is, en die laasgenoemde of perifêre bewussyn sluit dit in wat tot die bewussyn gekom het, met ander woorde die sg. onbewuste. Van groot belang is die mate waarin die sentrale bewussyn deur die perifêre bewussyn beïnvloed word. By sommige mense soos Heymans dit noem, die mens van die oomblik, word die een indruk, hoe sterk dit ook al mag gewees het, deur die volgende indruk vervaag of geheel en al verdring. Daarteenoor kry ons die tipe by wie alles, ook dit wat vroeër in die bewussyn teenwoordig was, in 'n mate 'n invloed uitoefen op hul denke, gevoel en handelinge.

Die sekondêre funksie is dus die nawerking van vroeëre ervarings, of wel die werking van die ervarings vanuit die onbewuste; nog meer algemeen gestel - die invloed van die onbewuste op die bewuste. Die begrip sekondêre funksie is 'n verklarende begrip: dit is 'n psigologiese verklaringshipotese, wat steun op die postulaat van die onbewuste. (Ten Have· 1946, p.17).

Hierdie verskille (primêr- en sekondêrfunksionerend) oefen 'n groot invloed uit op die hele psigiese samestelling. Ten eerste bring 'n sterk en goed geordende sekondêre funksie eenheid en samehang in die lewe. (Heymans: 1932, p.31). Dit bring mee dat nie slegs toevallige gegewens nie, maar ook vorige ervarings en belewenisse 'n konstante invloed op die hele voorspellings-, oordeels-, gevoels-, en wilslewe van so 'n persoon uitoefen. Hierteenoor ontbreek daar by hierdie mense gewoonlik die ontvanklikheid en beweeglikheid van gees

vir veral nuwe indrukke. Hulle word dus in 'n mate gerem deur hul vorige ervaringslewe. Hulle is geneig om moeilik by nuwe omstandighede aan te pas en kan hulle maklik van die omgewing afsonder en sodoende mensku word.

Die oorwegend sekondêr-funksionerende persoon laat hom nie meesleur deur die ingewing van die oomblik nie, maar die ervarings van die verlede oefen gedurig 'n invloed uit op hom. Hy is bedagsaam en standvastig en stel elke oomblik sy ervarings in 'n groter verband. 'n Mens kan feitlik sê dat die aksent in sy psigiese lewe in sy onbewuste geleë is. (Ten Have: 1946, p.17).

Die teenoorgestelde geld vir die primêr-funksionerende tipe persoon. Hulle belewe 'n onbelemmerde werking van hul onmiddellike bewussynsinhoude. Die indrukke van die oomblik word volledig opgeneem en daarvolgens word die nodige gevolgtrekkings gemaak. In hul omgang met hul medemens is hul gemaklik en is hul aanpassing dus veel beter as die sekondêr-funksionerende tipe.

Die analise van Gross het by Heymans en Wiersma die behoefte laat ontstaan om 'n wetenskaplike bevestiging daarvoor, met behulp van eksperimentele metodes, te vind. Daarby wou hulle 'n wetenskaplike metode vind om objektief 'n onderskeid te kan tref tussen oorwegend primêr- en oorwegend sekondêr-funksionerende mense.

Die reeds genoemde ondersoek van Heymans en Wiersma het die konstruksie van die twee groepe verstewig. Wat aktiwiteit betref, blyk dit dat die sekondêr-funksionerende persoon rustiger is waar die primêr-funksionerende persoon meer beweeglik is. Eersgenoemde word dan ook

in sy werk gekenmerk deur 'n reëlmatige tempo, waar die lg. tipe meer buierig vertoon in sy werk en ook soms geneig is om take uit te stel.

Die primêr-funksionerende tipe is in sy handeling impulsief en word maklik uit die veld geslaan deur onverwagte probleme wat mag opduik, terwyl die sekondêr-funksionerende tipe moeilik tot 'n besluit kom, maar as dit eers eenkeer gedoen is, dit dan met groot volharding uitvoer. Betreffende die intellek is die primêr-funksionerende tipe bevatliker maar ook oppervlakkiger as die sekondêr-funksionerende tipe. Laasgenoemde is meer verstandig en word dan soms ook verkeerdelik as "dom" beskrywe. Dranksug, ydelheid, losbandigheid ens. kom meer by die primêr-funksionerende tipe voor, terwyl konserwatisme, betroubaarheid, eerlikheid ens. meer kenmerkend van die sekondêr-funksionerende tipe is.

(ii) Die indelingsgronde waarop die onderskeiding berus.

Die groot probleem vir Heymans wat ook uitgegaan het van temperamentindeling van Galenus, was om vas te stel op welke indelingsgronde die onderskeiding in melancholici, cholerici, flegmatici en sanguinici berus. Ook in hierdie opsig het Heymans veel waarde geheg aan die ondersoekinge van Wiersma. Laasgenoemde het bv. by melancholici, wat duidelik alle kenmerke van 'n oormatige sekondêre funksie vertoon, 'n veel langer opmerksaamheidsperiode gevind as by maniese pasiënte wat primêr-funksionerend is. (Wiersma: 1932: 1932, p.59).

Met Heymans se rektorale rede het hy hom soos volg oor sy toekomsverwagtinge uitgespreek: "Voor die vasstelling en meting van de

......./48 fundamentele

fundamentele karaktereigenschappen zullen betrouwbare empirische, miskien zelfs experimentele criteria gevonden worden; zoals wij inderdaad voor een van de eigenschappen, de psychische nawerking of secondaire functie, er waarschijnlijk reeds in de geniale metoden van Wiersma bezitten". (Heymans: 1929, p.16).

Ook lettende op die psigopatologie vind Heymans dat die melancholici en cholerici bo die gemiddelde uittroon wat emosionaliteit betref, en dat die ander twee tipes onder die gemiddelde is. So het emosionaliteit die eerste kriterium geword. Op die tweede kriterium het Wundt reeds gewys, al was dit ook in 'n engere vorm. Wundt spreek nl. in die verband van "de nawerking der aandoening" (Hugo: 1918, p.8). Die nawerking of die sekondêre fuksie is dus die tweede kriterium, waardeur melancholici en flegmatici as "sekondêre" tipe staan teenoor die "primêre" cholerici en sanguinici. As derde kriterium neem Heymans die aktiwiteit waarop Kant reeds die aandag gevestig het.

Die melancholikus en die sanguinikus onderskei hul, naas die verskil in sekondêre funksie en emosionaliteit, respektiewelik deur geringer en groter aktiwiteit. Volgens Brugmans het Heymans en Wiersma op grond van hul ondersoek 'n aantal empiriese eienskappe by elke tipe gekry, waardeur die praktiese betekenis van die tipe-indeling gewaarborg is.

Onder aktiwiteit of nie-aktiwiteit moet verstaan word die mate waarmee iemand tot handeling beweeg kan word; m.a.w. of die voorstelling wat in die bewussyn van die individu voorkom, kragtig moet wees

om so 'n persoon tot die daad te beweeg, en of swak motiewe voldoende is om die voorgestelde handelinge tot stand te bring. Hier moet in gedagte gehou word dat die krag van die motief baie nou saamhang met hul emosionele karakter. Om dus vas te stel of iemand aktief is of nie, sal daar op gelet moet word of die persoon slegs tot handeling oorgaan waar hy sterk gemotiveer is en of 'n persoon ook tot handeling sal oorgaan al is die motief ook swak.

Heymans (1929, p.11) sê dan ook dat as ons te doen het met sterk emosionele geaardhede soos bv. Byron, Multatuli e.a., dan sien ons hulle, ondanks hul geringe aktiwiteit byna voortdurend in beweging, eenvoudig omdat vir hulle byna alle optredende voorstellinge 'n sterk emosionele karakter, en daardeur 'n groot motiefkrag besit. Dat hulle in werklikheid traag is, "blijkt uit het feit dat zij onmiddellik in eenzakken, zoodra de sterkte emosionele motieven voor een ogenblik ontbreken."

Die sekondêre funksie is vir ons doel hier reeds omskryf. Brugmans sê: "emotionaliteit is de mate van vatbaarheid voor aandoeningen". ............. Hier is dit ook belangrik om vas te stel onder welke omstandighede, die aandoeninge vertoon word. As sterk prikkels, sterk emosionele reaksies na vore bring, dan kan ons nie sê dat die persoon emosioneel is nie. Dit is dus van groot belang om eers te bepaal of 'n persoon op betreklik swak prikkels, betreklik sterk emosionele reaksies openbaar.

In die verband het Heymans die volgende kriteria by die beoordeling

......./50 van

van sy proefpersone gebruik: Hy noem iemand emosioneel op grond van die frekwensie en sterkte van sy emosies in verhouding tot die prikkel wat die emosie laat ontstaan het; iemand is bv. as aktief geklassifiseer op grond van die hoeveelheid energie in sy handelinge in verhouding tot die motiewe; 'n persoon is primêr- of sekondêrfunksionerend namate die voorstelling en emosies by hom nawerk.

Heymans se benamings vir sy agt persoonlikheidstipes het hy ontleen aan die vakliteratuur en die spreektaal.

Nerveuse Tipe (emosioneel nie-aktief met oorwegende primêre funksie, EnAP.)

Sentimentele Tipe (emosioneel nie-aktief met oorwegende sekondêre funksie, EnAS.)

Sanguiniese Tipe (nie-emosioneel aktiewe met oorwegende primêre funksie, nEAP.)

Flegmatiese Tipe (nie-emosioneel aktiewe met oorwegende sekondêre funksie, nEAS.)

Choleriese Tipe (nie-emosionele aktiewe met oorwegende primêre funksie, EAP.)


Gepassioneerde (hartstogtelike) Tipe (emosioneel aktiewe met oorwegend sekondêre funksie, EAS.)

Amorfe Tipe (nie-emosionele nie-aktiewe met oorwegende primêre funksie, nEnAP.)

Apatiese Tipe (die nie-emosionele nie-aktiewe met oorwegende sekondêre funksie, nEnAS.)

......../51 Binne

Binne die raamwerk van elke tipe bestaan daar nog 'n groot moontlikheid van ander tipes. Dit is juis op grond hiervan dat Heymans 'n kubus maak waarin die agt tipes op die uiterste hoeke geplaas is. Die ruimte laat nog veel plek vir moontlike ander kombinasies en dus ook nog ander tipes.




(iii) <u>Bespreking van Heymans se tipes:</u>

<u>Die emosionele nie-aktiewe tipes:</u>

Die twee tipes wat nou kortliks beskryf word, is persone wat as gevoelsmense getipeer kan word.

(1) <u>DIE NERVEUSE TIPE:</u>

Die benaming van hierdie tipe het Heymans oorgeneem

....../52 van

van Levy (1896, p.70) en Lettourneau (1878, p.351) wat dit "nerveux" genoem het. As voorbeelde van die tipe noem Heymans (1932, p.197) Douwes Dekker, Steele, Stern e.a.

Oor die algemeen vertoon die nerveuse tipe hulle as sterk maar onstandvastig met 'n moeilik berekenbare gevoelslewe. Hulle is meer as enige van die ander tipes prikkelbaar (69-52)[a] en heftig (76-46) verder is hulle geneig tot weerspreking en is aggressief in hul optrede. Die eienskappe word toegeskryf aan die samehang van die emosionaliteit, met die oorwegende primêre funksie, wat alle remminge uitsluit en die emosie in sy volle krag te voorskyn laat tree. Beoordeel volgens die prikkel, is die duur van die emosie by die tipe ook gewoonlik langer as wat 'n mens sou verwag. Dit is deels hierom dat ons nie die nerveuse as kalm en gelykmatig (4-23) kan beskryf nie, maar eerder as wisselend tussen opgewektheid en somberheid (56-37).

Hierdie vatbaarheid vir gemoedsaandoeninge oefen ook 'n invloed uit op vele ander verskynsels. Wat die sintuiglike betref, is hulle oorgevoelig. Uiterstes wat sensoriese prikkels betref, werk steurend op hulle in. Die nerveuse is ook steeds besig met sy gesondheidstoestand. Die geringste verandering daarin word onmiddellik opgemerk en hulle is dus geneig tot hipokondrie. Hul voorstellingslewe vertoon ook uit die biografieë en die vraelyste enkele afwykings. Elke nuwe

......./53 gedagte

a) Die getalle tussen hakies toon in die eerste plek die persentasie aan van die groep onder bespreking en die tweede getal die persentasie wat behaal is deur alle groepe.

gedagte verdring alle voriges uit die bewussyn en kan dus ten volle sy invloed uitoefen. Die fantasie vind in hierdie tipe 'n vrugbare bodem. Uit die twintig nerveuses in die biografiese ondersoek was daar dertien digters en romanskrywers. Wat hul intellektuele eienskappe betref, se Heymans die volgende:

Hulle is oppervlakkig in hul oordeel (48-19), slegte mensekenners (55-33) onprakties (43-22) en geneig om ander na te praat. Wat bevatlikheid betref, is hulle ver onder die gemiddelde (43-52) en dieselfde geld ook vir hulle wiskundige aanleg (6-10) en tale (12-13).

Wat die wilslewe en handeling betref vertoon die nerveuse alle tekens van nie-aktiwiteit. Soms kom dit voor asof hulle baie aktief is, maar klaarblyklik het ons hier te doen met uitinge van nie werklike aktiwiteite nie, maar wel van emosionaliteit, wat telkens, vir langer of korter tye aan bepaalde motiewe buitengewone sterkte verleen. Wat die materiële sy van hul handeling betref, blyk dit uit die enquête dat lede van die groep baie gesteld is op tafelgenot (55-45), ydel is (54-27), huigelaars (3-1), drink meer sterkdrank as die gemiddelde persoon (20-15, losbandig (16-18), eersugtig (48-37), vreesagtig (44-35) en lafhartig (4-3). Ook die biografiese ondersoek het hierdie feite bevestig en aangevul.

Die nerveuse vertoon hom ten slotte as 'n persoon wat maar matig hou van intellektuele spele en sport, nog minder van die buitelewe. Hulle lees minder en onthou dit wat hulle gelees het ook slegter as al die ander groepe. Hulle (tesame met die sentimentele groep) is veel meer as enige ander groep blootgestel aan psigiese versteurings.

In die verband skenk Heymans veral aandag aan die neurastenie wat hy beskryf as "de excessiewe versterking van de grondeigenschappen van het nerveuse type." (Heymans: 1932, p.213).

(ii) DIE SENTIMENTELE TIPE.

Die sentimentele tipe word volgens Heymans die mooiste geïllustreer deur mense soos Charlotte Brontë, Ellen Key en Rousseau (veral in sy latere jare). Omdat hulle so van die gewone kinders afwyk, kan die sentimentele tipe reeds op betreklik jeugdige ouderdom uitgeken word. Hier dink ons aan die kind vir wie die gewone kinderspele geen bekoring inhou nie, maar sy tyd verdryf hy deur te lees en te luister na ander. Hulle loop dan ook gewoonlik allerhande probleme raak wat hulle nie kan oplos nie, maar waaroor hulle vir lang tye kan tob. Deur die dagdromery word hulle geïsoleer van hul maats, wat weer verdere dagdromery tot gevolg kan hê. In hul geïsoleerde toestand kom hulle al meer en meer tot die oortuiging dat hulle ander mense nie begryp nie, en ook dat hulle deur ander mense nie verstaan word nie. Dit lei noodwendig verder daartoe dat die sentimentele tipe hulself afsonder.

Wat die emosionele lewe betref, is gevind dat eienskappe soos heftigheid (62-46), prikkelbaarheid (66-52), en impulsiwiteit (45-44) meer by die sentimentele voorkom as die gemiddelde, maar tog veel minder as by die nerveuse. Die versterkte sekondêre werking van talryke belewenisse wat in die onbewuste bewaar word, openbaar hul in maksimale frekwensie van swaarmoedigheid (10-15), gedwongenheid

(32-21), vreesagtigheid (47-35) ens. Uit die biografieë was dit duidelik dat morele (36-18) en religieuse (50-30) lewensopvattinge en ook 'n voorliefde vir uiterste standpunte by die sentimentele maksimaal voorkom. (Heymans: 1932: p.235).

Die sekondêre funksie van die sentimentele vergoed deels vir die algemene gemis aan aktiwiteit. Hulle word meer dikwels as die nerveuse beskryf as reëlmatige werkers. Desnieteenstaande is hulle weinig geskik vir handeling. Hierin vind hulle ook geen plesier of openbaar hulle nie belangstelling nie, met die gevolg dat hulle moeilik tot 'n besluit kom sodat hulle vir besluiteloos 'n maksimale syfer (53-37) en vir resoluut 'n minimale (27-47) syfer vertoon. Verder is bevind dat as hulle eers tot 'n besluit gekom het, dan voer hulle dit dikwels moeilik uit. Oor die algemeen is hul bewegings swak en sleg gekoördineer en vertoon hulle voortdurend 'n behoefte aan rus.

Hul geheue en fantasie is soos in die geval van die nerveuse tipe in 'n groot mate onderworpe aan emosionele seleksie. Die verskil is hier egter dat die seleksie nie van oomblik tot oomblik wissel nie, maar dit is hoofsaaklik konstant. Hierdeur word die vermoë om objektief te oordeel, ondanks die sekondêre funksie, ook weer beperk. Die sentimentele tipe gevoel homself ook ewemin aangetrokke tot die barre wetenskappe, maar is wel maksimaal geïnteresseer in abstrakte bespiegelinge (25-16).

Psigiese steuringe kom baie meer dikwels by die sentimentele tipe voor as by die nerveuse tipe (28-17). Soos reeds aangehaal, kan

die gevoel van anderswees, en om eenkant in die lewe te staan, lei tot mensskuheid, wat op sy beurt weer kan lei tot die psigose wat algemeen bekend staan as melancholie. Volgens Wiersma (Wiersma: 1937, p.6-11), vertoon die meeste lyers aan die psigose reeds voor die uitbreek daarvan die tipiese kenmerke van die sentimentele tipe.

DIE NIE-EMOSIONELE AKTIEWE TIPES:

Die twee tipes wat onder bg. opskrif bespreek gaan word, verskil wat die grondkenmerke betref, geheel en al van die reeds bespreekte tipes. Waar ons met sterk emosioneel gekleurde geaardhede te doen gehad het, geld die teenoorgestelde hier. Dus vind ons hier mense by wie die emosies nie die hele bewussynsinhoud kleur en beïnvloed nie, maar slegs as 'n deel van die bewussyn bly voortbestaan. Die ander bewussynsinhoude word nie deur die emosionaliteit gerem nie, maar slegs gelei "en hun dus de gelegenheid geven, ongestoord volgens hun eigen wettelijkheid naar voren te komen en te werken" (Heymans: 1932, p.1).

Naas die emosionele aspek vind ons by hulle die grotere aktiwiteit waardeur alle voorstellinge, wat op die wilslewe en die uitvoering daarvan betrekking het, in 'n groot mate bevoorreg word, en ook die aanwesige swak emosies is voldoende om die voorstellings op te wek en dit in handeling oor te sit. (Heymans: 1932, p.2). By hierdie tipe word die aandag veral getrek deur die langsame verloop van die verskeie psigiese funksies. Soos Malapert onderskei Heymans (Heymans: 1932, p.3) hier ook twee tipes nl. die flegmatici en die apatici.

....../57 (iii)

(iii) FLEGMATICI:

Die flegmatiese tipe bestaan uit die mense wat die indruk skep van geringe emosionaliteit, groot aktiwiteit en 'n sterk sekondêre funksie. As sprekende voorbeelde van die tipe noem Heymans o.a. Baer, Franklin, Hume en Locke. Wanneer hulle met die gemiddelde vergelyk word, kom hulle koel en nugter voor, is hulle kalm en gelykmatig van geaardheid en is hulle nie baie vatbaar vir liggaamlike en geestelike genietinge en pyn nie. Hulle laat hulle nie maklik meesleur deur hul emosies nie en selfs hul ideale, waarvoor hulle baie sal opoffer, word versigtig beheers.

As gevolg van hul aktiewe aanleg pak hulle geredelik 'n taak aan en vind in die uitvoering daarvan groot genoegdoening. Selfs 'n geringe emosie wat met hul ideale verbind kan word, dien as prikkel om weer met groter ywer hul taak aan te pak. Dit word verder aangevul deur die oorwegende sekondêre funksie wat van uit die onderbewuste groot stukrag aan die mense verleen. Die gevolg is dat hulle hul nie maklik deur ander voorstellings van die spoor af laat bring nie. Die twee faktore nl. werkywer en gedurige arbeidsaamheid dien dan ook om mekaar wedersyds aan te vul. Dit is dus 'n natuurlike uitvloeisel dat die egte flegmatikus gekenmerk word as 'n persoon wat rustig en reëlmatig met deursettingsvermoë sy arbeid volbring.

Volgens Heymans (1932, p.4) vertoon die flegmatici 'n besliste maksimum vir reëlmatige werksaamheid (99-56), volharding (68-41), bedagsaamheid (75-45) en geduld (57-39) en 'n besliste minimum vir

impulsiwiteit (13-44), die verwaarlosing van verpligte arbeid deur ander werk (2-19) en die neiging om deur teëspoed uit die veld geslaan te word.

Soos by alle groepe tref ons hier ook 'n groot verskeidenheid binne die groep aan wat sal afhang van die peil van ontwikkeling. Op die laagste sport vind ons hulle wat hul bepaal by die daaglikse roetine van hul werk en, as dit nie al die ure van die dag vul nie, dan word die werk gewoonlik aangevul deur een of ander stokperdjie. Op die hoër sporte van die tipe vind ons hulle wat werk aan 'n selfopgelegde egoïstiese doel. Hier vind ons volgens Heymans (1932, p.6) die koelbloedige industriële- en koopliede, die stratege ens., wat hul kanse en moontlikhede sorgvuldig bereken en niks aan die toeval oorlaat nie. Verder noem hy ook wetenskaplike navorsers en die sorgvuldige versamelaars en ontleders van gegewens.

(iv) DIE SANGUINIESE TIPE:

'n Beeld van die tipiese sanguinikus is die van die flegmatikus waar die oorwegende sekondêre funksie vervang word met die oorwegend primêre funksie. Dit is 'n bekende tipe wat reeds in die ou temperamentsleer duidelik omlyn is.

Die opvallendste funksie by die sanguinici is die funksie van aktiwiteit. As gevolg van die primêre funksie is dit egter nie so samehangend as by die flegmatici nie, maar kom meer verbrokkel en wisselend voor. Dit sluit reëlmatige werksaamheid (91-56) egter nie uit nie, omdat die werk vir hulle maklik en aangenaam is. Hulle be-

bereik dan ook die maksimum telling vir dit om iets aan te pak en klaar te maak (81-44). Dit ontbreek hulle glad nie aan deursettingsvermoë (61-41) nie, maar hulle lê groot veerkrag aan die dag. Anders as in die geval van die flegmatici, openbaar hulle nie daardie neiging om taai te volhard in 'n vooropgestelde ideaal nie, maar kan hulle dit maklik met 'n ander vervang en dan hul krag daaraan wy.

Verder verskil hulle van die flegmatici in ander eienskappe soos beweeglikheid (34-41), impulsiwiteit (43-44) en die verwaarlosing van verpligte werk (12-19), wat veral toegeskryf kan word aan die oorwegende primêre funksie teenoor die aktiwiteit en matige emosionaliteit. Hier moet die mate van oorwig egter steeds in gedagte gehou word. Hoe sterker die primêre funksie, hoe groter is die moontlikheid van verstrooide handeling. As dit egter matig voorkom kan die sanguinici sommige dinge, veral dit wat nie vir lang tydperke die hele aandag in beslag neem nie, veel beter as die ander groepe doen. (Heymans: 1932, p.13).

Die primêre funksie is daarvoor verantwoordelik dat die sanguinici se aktiwiteit sterker en intensiewer voorkom as wat werklik die geval is. Hulle word ook meer as die flegmatici heftig (36-46). Verder blyk dit dat hulle as nie-emosioneel maar koel van natuur beoordeel word en staan hulle ook wat lughartigheid betref (57-44) ver bo die gemiddelde en in swartgalligheid (13-31) het hulle die laagste telling van alle groepe behaal. (Heymans: 1932, p.14).

Die sanguinici is mense wat hulle elke dag ten volle uitleef en nie twyfel aan hulle planne en ideale nie, omdat hulle die nodige

...../60 energie

energie en werkkrag in hulself voel om van hul taak 'n sukses te maak. Op intellektuele gebied onderskei hulle hul van die flegmatici daarin dat hulle lewendiger maar minder stabiel is.

Wat die wilslewe van die tipe betref, word dit in 'n groot mate beïnvloed deur die primêre funksie. Hiervoor word egter vergoed deur die aktiwiteit. Psigiese afwykings kom by die sanguinici minder as in enige ander groep voor (4-17). Tog meld Heymans dat volgens Wiersma (1927, p.11-15) die afwyking bekend as manie, wel nou saamhang met die tipe.

DIE EMOSIONELE AKTIEWE TIPES:

Die groter emosionaliteit en aktiwiteit het in die eerste plek die gevolg dat "de blik meer naar buiten dan naar binnen is gekeerd." (Heymans: 1932, p.29). Aandoeninge word dus nie in die bewussyn vertroetel, waardeur dit maklik sieklik van aard kan word nie, maar dit word ontlaai in die persoon se handelinge. Hierdeur behou hy 'n gedurige kontak met die werklikheid.

(v) DIE CHOLERICI:

Die cholerici het saam met die nerveuse en sanguiniese tipes die primêre funksie in gemeen maar word tog van hulle onderskei in die eerste plek deur hul aktiwiteit en deur tweedens hul emosionaliteit. Verdere tipiese eienskappe van die cholerici tree volgens Heymans duideliker in die biografieë as in die vraelyste na vore. As voorbeelde van die tipe noem Heymans o.a., Danton, Dickens en Goethe. (Heymans: 1932, p.31).

....../Wat

Wat die handeling van die cholerici betref, is hulle in maksimale frekwensie beweeglik (77-41) en besig in hul vrye tyd (83-48), verder impulsief (73-44), resoluut (61-47), moedig en daarteenoor selde bedagsaam (19-45). Die kombinasie van die aktiwiteit met die emosionaliteit en die primêre funksie veroorsaak dat die tipe vinnig en intuïtief tot 'n keuse van verskillende moontlikhede kan kom, wanneer een daarvan tot 'n beoogde doel kan lei. Hulle vertoon ook 'n praktiese sin (72-60) en onderskei hulself meer as enige ander groep deur hul handigheid (77-60). Ondanks die primêre funksie ontbreek dit die groep aan deursettingsvermoë nie, en word hulle in die opsig slegs deur die flegmatici oortref. (Heymans: 1932, p.32-33.)

Die emosies van die cholerici is uit die aard van die saak sterk en wisselend (43-37). Hulle maak graag gebruik van sterk uitdrukkings en is, wat vrolikheid betref, 'n bietjie uitbundig. Hulle lewenskyk is beslis optimisties en hulle het ook 'n maksimum behaal vir vrolikheid en opgewektheid (50-35) en is mense wat hartlik kan lag (60-41).

In hul neigings openbaar die cholerici iets wat grens aan die primitiewe. Ten eerste is daar die vryheidsdrang (31-15) m.a.w. 'n verset teen alle vorme van dwang. Verder kom radikale politieke oortuigings by hulle meer voor as by die ander groepe (16-12). Volgens die enquête kom psigiese steurings dikwels (23-17) by hulle voor, maar daar is nie 'n neurose of psigose wat spesifiek aan die groep gekoppel kan word nie.

(vi) DIE GEPASSIONEERDE TIPE:

By die gepassioneerde kry ons die mens wat oorheers word deur sy hartstogte wat alle ander bewussynsinhoude beïnvloed of selfs verdring. In uiterste gevalle kry ons hier te doen met "menschen van een idee" (Heymans: 1932, p.40), vir wie alles daar buite nie bestaan nie. Die groot verskil tussen die cholerici en die gepassioneerde lê daarin dat die gepassioneerde aan enkele bepaalde doelstellings 'n buitengewone groot gevoelswaarde toeken. Die verskil lê egter nog dieper, want sterk hartstogte kan ook nog bly voortbestaan nadat hul objek die grootste deel van hul gevoelswaarde verloor het. Heymans meen dat ons hier te doen het met 'n sterk sekondêre funksie. Dit is ook in ooreenstemming met die resultate van beide ondersoeke.

Onder die mees tipiese van hierdie tipe noem Heymans o.a. Luther, Maret, Michelangelo, Napoleon e.a.

Die ervaring van weerstand, slapheid en domheid kan tot groot uitbarstings lei, soos wat die hoë persentasiesyfers vir ongeduld (14-9), heftigheid (62-38) en superlativisme (24-12) duidelik laat blyk.

Verder bring hierdie byna fanatiese konsentrasie op die eie doel met hom mee dat die gepassioneerde geïsoleer word en teenoor ander vyandig voel. Hulle is oor die algemeen geslote (24-23), wantrouig (38-15), meer geneig tot kritiek (48-26) as tot idealisering (10-25), moeilik om te versoen (29-9) en verdraagsaam (33-12). Hul wil en handeling kom op dieselfde patroon voor. Hulle is reëlmatig werksaam

......../63 (76-56)

(76-56) en in hul werk verdiep (33-16), deursettend (57-39) en selfstandig (52-39). Hulle laat hulle nie deur omstandighede of persone van stryk bring nie, maar streef steeds reguit op hul doel af. Heerssug vind ons by hierdie mense in maksimale frekwensie, byna driemaal meer as by die gemiddelde (43-15). Daarom is hulle dikwels bruusk en hard en word hulle eerder gevrees en bewonder as bemin.

Verder openbaar hulle 'n sterk familiegevoel (57-43) hulle is goeie patriotte (38-23), goed vir hul ondergeskiktes (19-12) en oor die algemeen hulpvaardig (67-60). Hulle is spesifiek sedelik (28-18) en godsdienstige opvattinge kom by hulle baie voor (48-30). Hulle is net so konsensieus as die sentimenteles (57-31) en bo die gemiddelde wat eerlikheid en betroubaarheid betref. Hulle gee die indruk van onverskilligheid teenoor tafel- (10-11) en geslagsgenot (5-21) sport (5-18), gemaksug (0-5) en natuurskoon (19-25). Ook hul belangstelling vir musiek (19-20) en beeldende kunste (14-17) bly onder die gemiddelde.

DIE NIE-EMOSIONELE NIE-AKTIEWE TIPES:

Die gegewens aangaande hierdie tipes is grootliks verkry uit die enquête. Die rede hiervoor is dat hulle moeilik op een of ander terrein so uitblink dat dit hul biografie regverdig. Oor die algemeen onderskei hulle hulself van die ander groepe deur hul negatiewe eienskappe. Die mense word veral gekenmerk deur geringe spanning en beweeglikheid, 'n gebrekkige voorstellingsvermoë en 'n algehele gemis aan produktiewe fantasie, stadige assosiasies, trae denke en swak

affeksies.

(vii) DIE AMORFE TIPE:

Die amorfe, by wie die aktiwiteit, die emosionaliteit en die sekondêre funksie te kort skiet, vertoon die bogenoemde negatiewe kenmerke in die hoogste graad. Wanneer die amorfe tipe met die nerveuse vergelyk word, sien ons dat eg., soos die nerveuse, oral onder die gemiddelde is. Hulle is oppervlakkig (42-27), slegte mensekenners (37-33), onprakties (35-22), bekrompe (27-25), napraters (32-26), slegte waarnemers (38-23), onhandig (36-21) en verstrooid (40-30). Hulle lees min (47-42) en onthou dit wat hulle gelees het ook sleg (28-20).

Hulle is ook meer as die gemiddelde geaffekteerd (12-10, huigelaars (2-1), geneig tot versiering (19-15) en leuenagtig (7-5). Verder is hulle eerlik binne die grense van die wet (21-10) of selfs oneerlik (21-1) en hul nougesetheid (24-58) bly, nog meer as die van die nerveuse, agter by die ander groepe. Die behoefte aan uitspattighede, spel en drank kom ook by die amorfe voor, maar minder as by die nerveuse. Die invloed van die nie-emosionaliteit is baie duidelik as ons die volgende eienskappe in oënskou neem: hulle is kalm en rustig (65-56), gelykmatig van stemming (30-23), min geneig tot oordrywing, verdraagsaam (81-78) en meer as enige ander groep nie in staat om kwaad te word nie.

Idiootheid is volgens Heymans 'n patologiese uitvloeisel van die amorfe tipe. Die idiote is in 'n groot mate nie-emosioneel, selfs on-

....../65 vatbaar

onvatbaar vir elementêre aandoeninge soos bv. vreugde en vrees. Vervolgens is hulle tot 'n minimale graad aktief. Dit skyn verder asof die sekondêre funksie by hulle geheel en al ontbreek, want van 'n merkbare nawerking van die verlede is daar by hulle nooit sprake nie.

(viii) DIE APATICI:

Die apatikus onderskei hom van die amorf daarin dat hy met 'n sterk sekondêre funksie bedeeld is. Dit bied hom meer weerstand teen enige inwerking van buite. Die gebrekkige emosionaliteit en aktiwiteit is hier egter daarvoor verantwoordelik dat die invloed of nawerking van die verlede in 'n minder ryk en gevarieerde vorm voorkom as by die ander sekondêrfunksionerende tipes.

Hulle ondergaan nie die ontwikkeling van 'n fynbesnaarde gemoedslewe soos die sentimentele nie, ook besit hulle nie die breedgefundeerde insig van die flegmatici nie en die alles bepalende doelstelling van die gepassioneerde nie, maar ontwikkel hul alleen tot die vorming van 'n vaste sleur in denke en handeling. (Heymans: 1932, p.59-60).

Interessant hier is ook 'n vergelyking tussen die sentimentele groep en die apate. Die groter emosionaliteit van die sentimenteles is die belangrikste verskil tussen die twee. Uit die ondersoek het dit geblyk dat die aan- of afwesigheid van die emosionaliteit verskille in die hele psigiese samestelling teweegbring. Heymans het 'n ooreenkoms van 'n aantal eienskappe by die twee groepe gevind soos bv. besluiteloosheid (51-37) en die gebrek aan moed (35-44), onverdraagsaamheid (12-11), swaarmoedigheid (10-5), die vashou aan 'n eenmaal

....../66 gevestigde

gevestigde mening (45-28) en 'n blywende wrok (30-17). Psigiese steurings kom by hulle aansienlik minder voor as by die sentimentele tipe.

## 2.3. 'N SAMEVATTENDE BESKOUING:

In hierdie hoofstuk het die klem geval op die tipologie van Jung en Heymans. Om hul werk egter in die regte perspektief te sien, is daar 'n kort oorsig oor enkele tipologieë gegee. Dit is geen histories volledige oorsig van die ontwikkeling van die tipologieë nie, maar dit is slegs bespreek ter inleiding van Jung en Heymans se werk.

Voordat daar dieper op die tipologieë van Jung en Heymans ingegaan is, is die tipologieë van Hippokrates, Theophrastus, Spranger, Kretschmer, Jaensch en Sheldon kortliks bespreek.

Die meetmiddels wat in hierdie ondersoek gebruik is, meet introversie/ekstroversie van Jung en primêre en sekondêre funksionering van Heymans. Om hierdie rede is daar getrag om introversie/ekstroversie en primêre en sekondêre funksionering nader te verduidelik.

In hoofstuk 3 van hierdie ondersoek word die genoemde meetmiddels en bevindings van hierdie ondersoek in verdere besonderhede bespreek.

....../67 HOOFSTUK III

## HOOFSTUK III.

## 'N EIE EMPIRIESE ONDERSOEK.

### 3.1. Inleidend:

Voordat die metode wat in die eie empiriese ondersoek gevolg is, breedvoerig bespreek word, is dit wenslik dat die doel van hierdie ondersoek gestel word.

### 3.2. Doelstelling:

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel of onderwysbekwaamheid aan die hand van bepaalde kriteria vasgestel kan word by die kwekelingonderwyser. Hiervoor is gebruik gemaak van vraelyste wat Jung se introversie/ekstroversie en Heymans se primêr- en sekondêrfunksionerende temperamentseienskappe aantoon.

### 3.3. Proefpersone in die steekproef:

#### a. Algemeen.

Vir hierdie ondersoek is 'n steekproef geneem uit 'n groep kwekelingonderwysers aan 'n provinsiale onderwyskollege. Honderd-en-sestig studente wat in hulle finale jaar was, is as proefpersone geneem. As gevolg van die seleksie van die groep kan hierdie proefpersone as betreklik verteenwoordigend, hoewel nie in die streng statistiese sin nie, beskou word. Studente uit al die dele van die Republiek van Suid-Afrika en ook uit Suidwes-Afrika is in hierdie groep ingesluit.

Verder is by die seleksie ook die sosio-ekonomiese status van die

....../68 studente

studente in ag geneem en kan dit in die bogenoemde sin as betreklik verteenwoordigend beskou word. Wat die samestelling van die groep betref, is daar getrag om dames sowel as mans te betrek en soos Tabel 3 aandui is die verskillende spesialiseringsgroepe ook in ag geneem. Ons het hier dus te doen met studente wie se opleiding op die laer- sowel as die hoërskool gerig is. Aangesien die damestudente aan die spesifieke inrigting in die meerderheid is, is daar heelwat minder manlike proefpersone in die groep as dames.

b. Ouderdomme van proefpersone.

Die ouderdomme het gewissel tussen 19 jaar en 27 jaar. Tabel 1 toon hierdie besonderhede meer breedvoerig aan.

TABEL 1.

| OUDERDOM. | MANS. | DAMES. | TOTAAL. |
|---|---|---|---|
| 27 jr. | 1 | 0 | 1 |
| 26 jr. | 0 | 0 | 0 |
| 25 jr. | 1 | 0 | 1 |
| 24 jr. | 2 | 0 | 2 |
| 23 jr. | 3 | 2 | 5 |
| 22 jr. | 10 | 15 | 25 |
| 21 jr. | 19 | 57 | 76 |
| 20 jr. | 4 | 45 | 49 |
| 19 jr. | 0 | 1 | 1 |
| Totaal | 40 | 120 | 160 |
| Gem. Ouderdom | 21 jr.7md. | 20 jr.2md. | 20 jr.10md. |

In die groep is 40 mans teenoor 120 dames. Die ouderdomme is geneem soos op 3 September 1966. Uit die tabel blyk dit dat die grootste persentasie mans (47.5%) en dames (47.5%) een-en-twintig jaar oud is. Opmerklik is die gemiddelde ouderdomme van mans (21 jr. 7md.) wat 1 jr. 5md. hoër is as die van die dames (20 jr. 2md.) Waar dames op hierdie lewensstadium 'n hoër rypheid as mans van dieselfde ouderdom het, vergoed dit meer as ruimskoots vir die verskil in ouderdom.

c. Tydperk van onderwysopleiding.

Afgesien van die ouderdom, is daar enkele proefpersone wat langer as die normale tydperk aan die opleiding bestee, omdat hulle 'n jaar weens druiping moes herhaal. Waar die kursusse normaalweg drie jaar duur, het sommige dit oor vier jaar moes neem, soos in Tabel 2 aangetoon word.

TABEL 2.

| MANS. | | DAMES. | | TOTAAL. | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3 jaar | 4 jaar | 3 jaar | 4 jaar | 3 jaar | 4 jaar |
| 37 | 3 | 119 | 1 | 156 | 4 |
| TOTAAL: | 40 | TOTAAL: | 120 | TOTAAL: | 160 |

Uit bostaande tabel is dit opmerklik dat 3 (7.5%) uit die 40 mans, terwyl slegs 1 (.83%) dames 'n jaar ekstra moes neem om hul kursus te voltooi. Moontlik val dit saam met 'n rypheidsfaktor en

......./70 verantwoordelikheidsin

verantwoordelikheidsin wat by die dames op hierdie leeftyd hoër is as by die mans.

'n Ander moontlikheid is die verskil van die gemiddelde intelligensie van die twee geslagte, soos dit in hierdie groep voorkom. Algemeen word aanvaar dat daar geen geslagsverskille is wat die intelligensie betref nie. Maar wat hierdie spesifieke groep betref, is die gemiddelde intelligensie van die mans wie se I.K.'s beskikbaar was 105.6, terwyl die van die dames wie se I.K.'s beskikbaar was, 111.1 is.

d. <u>Spesialisering van die onderwyskwekelinge.</u>

Hierdie proefpersone verteenwoordig, soos reeds vermeld, verskeie spesialiseringsgroepe in die onderwys, waarin hul meer toegewyde onderrig ontvang. In Tabel 3 word hierdie gegewens in meer besonderhede aangedui.

TABEL 3.

Spesialiseringsgroepe van proefpersone op 3 September 1966.

| GROEP. | MANS. | DAMES. |
|---|---|---|
| Juniorwerk. | 0 | 52 |
| Drama en Spraak. | 1 | 5 |
| Kuns. | 4 | 9 |
| Liggaamlike Opvoeding. | 7 | 11 |
| Biblioteekwese. | 0 | 9 |
| Handel. | 18 | 11 |
| Spesiale Onderwys. | 10 | 18 |
| Musiek. | 0 | 5 |
| Totaal: | 40 | 120 |
| | 160 | |

Die grootste getal mans (18 uit 40 d.w.s. 45%) lê hulle toe op Handelonderwys. Daarop volg Spesiale Onderwys (10 uit 28 d.w.s. 35.7%) en Liggaamlike Opvoeding (7 uit 40 d.w.s. 17.5%).

Die grootste getal dames lê hulle toe op Juniorwerk (52 uit 120 d.w.s. 43.3%), gevolg deur Spesiale Onderwys (18 uit 28 d.w.s. 64.3%) met minder in die ander afdelings.

e. <u>Prestasie van proefpersone.</u>

Vir die ondersoek is sekere gegewens nodig wat kan dien as kriteria, waarteen die eksperimentele resultate afgeweeg kan word. Omdat hierdie gegewens van die proefpersone bekend is, word dit onder hierdie hoof gegee, ook waar dit nadere inligting oor die proefpersone self verskaf.

(i) <u>Intelligensie van die proefpersone.</u>

Soos in Tabel 4 aangetoon word, was slegs die helfte nl. 80 van die proefpersone se I.K.'s beskikbaar.

......../72 TABEL 4.

## TABEL 4.

### I.K. - Verspreiding van die proefpersone.

| I.K. | MANS. | DAMES. |
|---|---|---|
| 130 - 134 | 0 | 1 |
| 125 - 129 | 0 | 6 |
| 120 - 124 | 1 | 4 |
| 115 - 119 | 4 | 10 |
| 110 - 114 | 2 | 8 |
| 105 - 109 | 6 | 15 |
| 100 - 104 | 6 | 5 |
| 95 - 99 | 2 | 2 |
| 90 - 94 | 2 | 2 |
| 85 - 89 | 1 | 3 |
| TOTAAL: | 24 | 56 |
| N | 80 | |
| | X 105.1 | X 111.1 |
| | S 8.6 | S 10.6 |

Die I.K.'s van 24 uit 40 mans en 56 uit 120 dames was dus beskikbaar. Dit is opmerklik dat 5 uit 24 (20.8%) mans en 7 uit 56 dames (12.5%) 'n I.K. van benede 100 het, terwyl 0 mans en 7 dames (12.5%) 'n I.K. van bo 120 het. Die gemiddelde I.K. van die mans is 105.1

....../73 en

en die van die dames 111.1, 'n verskil van 6 punte dus. 'n Moontlike rede vir die verskil mag wees dat die meer intelligente mans wat die universiteitstoelatingseksamen afgelê het, eerder na 'n universiteit gaan waar hulle 'n graad i.p.v. 'n diploma behaal.

(ii) Eksamenprestasies van die proefpersone.

TABEL 5.

Eksamenpunte - verspreiding van die proefpersone.

| Eksamen P | Afrikaans | | Tot. | Engels | | Tot. | Rekenkunde | | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans. | Dames. | | Mans. | Dames. | | Mans. | Dames. | |
| 80-84 | 0 | 1 | 1 | 1 | 4 | 5 | 2 | 4 | 6 |
| 75-79 | 0 | 2 | 2 | 1 | 4 | 5 | 4 | 5 | 9 |
| 65-69 | 2 | 18 | 20 | 1 | 18 | 19 | 12 | 15 | 27 |
| 60-64 | 7 | 30 | 37 | 5 | 23 | 28 | 7 | 20 | 27 |
| 55-59 | 6 | 23 | 29 | 14 | 30 | 44 | 8 | 23 | 31 |
| 50-54 | 17 | 34 | 51 | 7 | 17 | 24 | 2 | 25 | 27 |
| 45-49 | 6 | 3 | 9 | 4 | 9 | 13 | 3 | 5 | 8 |
| 40-44 | 1 | 1 | 2 | 3 | 8 | 11 | 1 | 2 | 3 |
| 35-39 | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 3 | 0 | 5 | 5 |
| Totaal: | 40 | 120 | 160 | 40 | 120 | 160 | 40 | 120 | 160 |

Afrikaans, Engels en Rekenkunde is verpligte vakke vir alle studente

aan hierdie Kollege. Daarom is die gemiddelde eksamenpunte in hierdie drie vakke oor 'n studietydperk van 2 jaar en 6 maande bereken. Tabel 6 gee 'n uiteensetting van hoe die proefpersone oor die tydperk in die vakke presteer het.

TABEL 6.

Gemiddelde eksamenpunte.

| Eksamenpunte | Mans. | Dames. |
|---|---|---|
| 80 - 84 | 0 | 0 |
| 75 - 79 | 0 | 4 |
| 70 - 74 | 2 | 13 |
| 65 - 69 | 4 | 14 |
| 60 - 64 | 8 | 23 |
| 55 - 59 | 11 | 33 |
| 50 - 54 | 9 | 23 |
| 45 - 49 | 5 | 8 |
| 40 - 44 | 1 | 2 |
| 35 - 39 | 0 | 0 |
| Totaal: | 40 | 120 |
| N | 160 | |
| | X 57.1 | X 59.6 |
| | S 6 | S 8.1 |

Uit Tabel 5 blyk dit dat 3 uit die 40 mans (7.5%) en 0 dames minder as 40% in Engels behaal het, verder het 0 mans en 5 dames (4.2%) in Rekenkunde minder as 40% behaal. Geen man en 3 dames (2.5%) het 75% of meer in Afrikaans behaal, twee mans (5%) en 8 dames (6.7%) het meer as 75% in Engels behaal. In Rekenkunde het 6 mans (15%) en 9 dames (7.5%) 75% en meer behaal.

In Tabel 6 vind ons dat in die drie genoemde vakke saam het 0 mans en 0 dames 39% of minder en 80% of meer behaal.

Die dames in hierdie groep is dus meer verbaal aangelê, terwyl die mans weer 'n beter nie-verbale aanleg toon. Hierdie bevinding bevestig dus die algemene bevindings in die verband. Daar is heelwat gegewens wat aantoon dat dogters goed presteer op die gebied van tale, spelling, skrif en kuns. Seuns presteer weer beter in rekenkunde, geskiedenis, aardrykskunde en wetenskap.

Die dogters toon dwarsdeur hul lewe 'n hoër taalaanleg as seuns. Dit geld ook vir swaksinniges, normales en begaafdes. Dogters kan vroeër sinne bou as seuns en leer ook gouer lees. Die manlike geslag openbaar weer 'n konstante superioriteit in toetse van ruimtelike en meganiese aanleg.

(iii) <u>Proefonderwyspunte van die proefpersone:</u>

As nog 'n kriterium by hierdie ondersoek waarmee die eksperimentele resultate vergelyk kan word, is die proefonderwyspunte wat die studente in Afrikaanse-, Engelse-, en Rekenkundeproeflesse oor 'n tydperk van $2\frac{1}{2}$ jaar behaal het, geneem. Hierdie spesifieke

vakke is geneem, omdat dit in 'n hoë mate die verbale sowel as die nie-verbale vermoë of aanleg van die student aantoon. By die beoordeling van 'n proefles in enige vak word daar steeds deur al die dosente van dieselfde vorm gebruik gemaak. Die profiel op die vorm soos volgens beoordelingskaal verkry strek van 10% tot 90%. In bg. vakke het dieselfde dosente dus verskeie kere die studente in hierdie groep in hul onderskeie vakke aangehoor. Die proefonderwysvorm verg van die dosent dat hy by die beoordeling van enige proefles veral sal let op die volgende:

a. Voorbereiding deur die kwekelingonderwyser. Die dosent moet bepaal in hoeverre die persoon die leerstof beheer, goed voorberei is, dit intelligent en verstaanbaar kan meedeel en of die hulpmiddels reg aangebied word.

b. Voordrag: Stem. Hier word daarop gelet of die persoon se stem skril of selfs onaangenaam is, en of dit suiwer en vol draagkrag is.

c. Voordrag: Spraak. Die beoordeling strek hier vanaf spraakgebreke soos hakkel en stotter tot kalm en fyn beskaafde spraak.

d. Voordrag: Taalgebruik. Die dosent moet hier bepaal of die taalgebruik onsuiwer, hakkelrig, bevredigend of vlot en foutloos is.

e. Fisiese houding en algemene optrede. Die kwekelingonderwyser se houding wat mag strek van ongemaklikheid en selfbewustheid tot selfversekerde en doelbewuste optrede, word hier beoordeel.

f. Uitoefening van gesag: Die beoordelaar let in die geval op die klastoestande wat mag wissel tussen chaotiese klasomstandighede

...../77 tot

tot 'n goedgedissiplineerde klas.

g. Manier van aanbieding van die stof. Hier word vasgestel of die leerstof ondoeltreffend aangebied word of aan die anderkant of dit 'n interessante en geslaagde aanbieding is.

h. Onderwystegniek. Die dosent moet bepaal of die basiese onderwysbeginsels soos inprenting, herhaling en toetsing, d.w.s. of die regte aktiwiteit op die regte oomblik toegepas word.

i. Dryfkrag. Die algemene fisiese voorkoms en optrede wat mag wissel van dooierige en lustelose optrede tot flinke, ywerige en inspirerende optrede word hier beoordeel.

j. Belangstelling in en liefde vir die kind: Die student word hier beoordeel ten opsigte van sy optrede teenoor die leerlinge. Die persoon mag onsimpatiek, kortaf en selfs kwetsend wees, of hy mag simpatiek, belangstellend en geduldig wees.

Die beoordelingskaal word vasgestel deur die T.O.D. nl. druiping is benede 50%; 75% en daarbo is 'n onderskeidingspunt vir nie-afstuderendes, terwyl 80% en hoër 'n onderskeiding vir finalejaarstudente aandui. Punte word in veelvoude van 5 toegeken.

......./78 Tabel 7.

## TABEL 7.

### Proefonderwyspunte.

| Proefonderwyspunte. | Mans. | Dames. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| 80 - 84 | 0 | 2 | 2 |
| 75 - 79 | 1 | 10 | 11 |
| 70 - 74 | 3 | 31 | 34 |
| 65 - 69 | 11 | 38 | 49 |
| 60 - 64 | 12 | 30 | 42 |
| 55 - 59 | 10 | 7 | 17 |
| 50 - 54 | 3 | 2 | 5 |
| Totaal: | 40 | 120 | 160 |
| | X 62.2 | X 66.9 | |
| | S 5.6 | S 4 | |

Tabel 7 toon aan ons kortliks die volgende feite: Twee dames (1.7%) en geen mans het 80% en hoër behaal. Tussen die prestasies 75-79% vind ons 1 man (2.5%) en 10 dames (8.3%). Slegs 10 mans kon meer as 70% gemiddeld behaal, waar 35.8% dames meer as 70% gemiddeld behaal het. Na aanleiding van hierdie gegewens skyn dit asof die dames beter gevaar het met die proefonderwys as die mans. 'n Soortgelyke verskynsel, het ons ook by die eksamenpunte en I.K.'s gevind.

......./79 3.4.

3.4. Toetse in hierdie ondersoek gebruik.

(a) Algemeen.

By die vinding van geskikte toetse moes die proefpersone deeglik in ag geneem word, sodat die toetse uitvoerbaar sou wees. Die toetse moet nie te lank duur nie, moet nie vermoeidheid en verveling in die hand werk nie, maar moet belangstelling prikkel om sodoende die optimum inspanning en medewerking van die proefpersone te verkry. Nadat verskillende moontlikhede ondersoek is, is besluit op die Persoonlikheidsvraelys van die N.I.P.N., omdat hierdeur die introversie-ekstroversie eienskappe doeltreffend gemeet kan word. Tweedens die Temperamentsvraelys van die N.I.P.N. wat 'n doeltreffende meetinstrument vir die primêre en sekondêre funksies van Heymans is.

(b) Die Persoonlikheidsvraelys van die N.I.P.N.

(i) Algemeen.

Hierdie vraelys bestaan uit 61 items. In elke item is daar kort, kontrasterende beskrywings van twee persone, genoem A en B, wat verband hou met aspekte van hul voorkeure, houdings of gedragsneigings. Die proefpersone moet die twee beskrywings onder elke item lees, hul dan self daarmee vergelyk en dan besluit watter een van die twee, A of B, meer soos hulself is. Die letter van die beskrywing wat die beste by hulle pas word dan in die ruimte aan die regterkant teenoor die bepaalde item ingevul. Indien die proefpersoon voel dat hy nie presies soos A of B is nie, moet hy nogtans besluit watter een van die twee persoonbeskrywings die naaste aan sy eie persoonlikheid is.

...../80 Letters

Letters A en B stel nie deurgaans dieselfde persone voor nie. Die pare is afsonderlik vir elke item.

(ii) Metode van toepassing.

Die toets is in 'n groepsituasie afgeneem en daar was geen tydbeperking nie. Dit het die proefpersone omtrent 15 minute geneem om die vraelys te voltooi.

(iii) Puntetoekenning.

In hierdie vraelys is 'n hoë telling 'n aanduiding dat die toetsling ekstroversies geneig is. Items nommers 12, 15, 21, 22, 23, 25, 32, 33, 39, 46, 51, 54 en 60 is nie in aanmerking geneem nie, omdat hulle swakker diskrimineer volgens die itemontleding. Die betroubaarheid van die toets, gebaseer op die oorblywende 47 items, is .93 volgens Kuder-Richardson formule 20. Die vraelyste is met 'n masker nagesien.

(c) Die Temperamentsvraelys van die N.I.P.N.

(i) Algemeen.

Hierdie vraelys bestaan uit 56 items. Ook hier bestaan elke item uit kort kontrasterende beskrywings van twee persone, genoem A en B. Wat die invul van hierdie vraelys betref, geld presies dieselfde instruksies as vir die persoonlikheidsvraelys.

(ii) Metode van toepassing.

Die toets is ook aan die groep gegee en dit het hulle omtrent 12 minute geneem om die toets te voltooi.

(iii) Puntetoekenning.

By die Temperamentsvraelys is 'n hoë telling 'n

....../81 aanduiding

aanduiding dat die toetsling primêr-funksionerend van aard is. Items nommers 3, 5, 6, 8, 13, 15, 16, 20, 23, 24, 25, 28, 33, 35, 48, 50 en 56 is nie in aanmerking geneem nie omdat hulle swakker diskrimineer volgens die itemontleding.

Die betroubaarheid van die toets, gebaseer op die oorblywende 39 items, is .88 volgens die Kuder-Richardson formule.

3.5. Resultate van ondersoek.

(a) Algemeen.

Omdat norms vir die doel van hierdie ondersoek by die Persoonlikheidsvraelys en Temperamentsvraelys nie bestaan nie, moet van bepaalde kriteria gebruik gemaak word om 'n doeltreffende vergelyking van hierdie resultate te verkry. Vir so 'n vergelyking sal van die prestasies van die proefpersone gebruik gemaak word nl. hul intelligensie, eksamen- en proefonderwyspunte. Hierdie prestasies kan beskou word as 'n goeie weergawe van die suksesvolle onderwyskwekeling en hoogswaarskynlik van onderwysbekwaamheid. Omdat dit die enigste kriteria is wat op hierdie stadium van opleiding bestaan, is dit die enigste weg wat gevolg kan word.

(b) Die Intelligensiekwosiënt as kriterium.

Waar die I.K. van slegs die helfte van die eksperimentele groep bekend is, kan dit dus net met die helfte van die resultate vergelyk word. Om 'n moontlike uitweg uit hierdie onvolledige gegewens te vind, word nagegaan wat die verband is tussen I.K. en eksamenprestasies van die proefpersone. In Tabel 8 word dit aangetoon.

....../82 Tabel 8.

TABEL 8.

Korrelasie tussen I.K. en eksamenprestasie.

| N | R | P.05 |
|---|---|---|
| 80 | .18 | .217 |

Omdat verstandelike vermoë gewoonlik gepaard gaan met skolastiese prestasie is die verwagting gekoester dat daar positiewe verwantskap tussen I.K. en eksamenprestasie sal bestaan.

Die beskikbare I.K.-gegewens (N 80) is vergelyk met eksamenprestasies in Afrikaans, Engels en Rekenkunde. 'n Korrelasie van .18 is bevind. Hierdie korrelasie bevestig dus nie die verwagting nie. Moontlike verklarings hiervoor kan die volgende wees.

Die breedte van die kursus wat uit sowat 14 vakke gemiddeld bestaan, is van so 'n aard dat studente nie voldoende tyd kry om hulle behoorlik vir die eksamen voor te berei nie. Die eksamens word gewoonlik in - 12 dae afgelê en die tyd vir studie is dus uiters min.

Die moontlikheid bestaan ook dat persoonlikheidsfaktore soos angstigheid, primêre en sekondêre funksie, motivering ens., 'n baie belangriker rol speel as die I.K. wanneer eksamens onder sulke druk omstandighede afgelê moet word.

'n Verdere moontlikheid is die betroubaarheid van die beskikbare I.K.'s. Al die I.K.'s is in 'n groepsituasie afgeneem en kan

...../83 dus

dus nie sondermeer as betroubaar aanvaar word nie. ".......motivering, gemoedstemming, persoonlikheids- of karaktereienskappe soos deursettingsvermoë, selfvertroue, fisiologiese toestande soos vermoeidheid, vaak, hoofpyn, koorsigheid en chemiese faktore wat die metabolisme beïnvloed is almal faktore wat 'n rol speel in ons meting van iemand se 'intelligensie'! (Du Toit en Van der Merwe: 1966,p.359).

Ten slotte het die drie eksamenprestasies 'n gelykmakende neiging. Ook waar die probleem nader ontleed is, deur mans en dames se prestasies afsonderlik met die I.K. te vergelyk, is dieselfde as bogemelde bevind. Dit bevestig dus net bogemelde bevindings of rasionalisasie.

'n Vergelyking van die I.K. met die proefonderwyspunte word in Tabel 9 aangetoon.

TABEL 9.

Die korrelasie tussen I.K. en proefonderwyspunte.

| | N | r | P.05 |
|---|---|---|---|
| Proefonderwyspunte I.K. | 80 | .023 | .216 |

Die beskikbare I.K. van 80 pp. is vergelyk met hul proefonderwyspunte wat r = .023 aantoon. Dit toon dus dat daar geen betekenisvolle verwantskap tussen die twee reekse gegewens is nie.

......./84 'n

'n Verklaring vir die gebrek aan 'n korrelasie kan hier moontlik gesoek word in persoonlikheidsfaktore:

a. Die I.K. van 'n persoon oefen bv. nie 'n bepalende invloed uit op sy vermoë om met gemak met ander mense omgang te maak nie. Verder speel die I.K. 'n ondergeskikte rol in die vermoë van 'n persoon om bv. leerstof op 'n vloeiende manier aan te bied, om leerlinge te inspireer en met gemak voor 'n groep mense op te tree.

b. Dit mag ook wees dat 'n persoon met 'n laer I.K. die probleme en moeilikhede van sekere aspekte van die werk beter sal insien en besef as die persoon met die hoër I.K. Eersgenoemde sal dus, gesien uit die oogpunt van die leerlinge, die leerstof meer doeltreffend en sinvol oordra.

c. <u>Eksamenprestasies en proefonderwyspunte.</u>

Waar die I.K. nie as kriterium kon dien nie, moet van ander gegewens gebruik gemaak word, nl. die eksamenprestasies en/of proefonderwyspunte. In hierdie verband moet allereers vasgestel word of daar 'n verband tussen die twee reekse punte bestaan, soos wel hieronder gedoen is:

TABEL 10.

Korrelasie tussen eksamenpunte en proefonderwyspunte.

| | N. | r. | p.05 |
|---|---|---|---|
| Mans | 40 | .44 | .303 |
| Dames | 120 | .29 | .180 |
| Totaal | 160 | .37 | .154 |

In Tabel 10 toon die gegewens van die mans en dames afsonderlik, sowel as die totale groep, dat daar 'n beduidende korrelasie tussen die eksamenpunte en die proefonderwyspunte bestaan. Dit beklemtoon slegs die feit dat die persone wat pligsgetrou studeer en goeie eksamenresultate behaal hul beste lewer, ook wat die proefonderwys betref. As gevolg van hul nougesette studiemetodes, presteer hulle dus in al die fasette van die kursus.

Elk van hierdie reekse punte sal nou met die eksperimentele resultate vergelyk word, sodat die eksamenresultate en proefonderwyspunte elk afsonderlik as kriterium gebruik sal word.

d. Korrelasie tussen eksamenprestasies en persoonlikheidseienskappe (introversie-ekstroversie).

In Tabel 11 word hierdie gegewens aangedui.

TABEL 11.

Korrelasie tussen eksamenprestasies en persoonlikheidseienskappe.

| N | r | p.05 |
|---|---|---|
| 160 | -.2 | .154 |

Tabel 11 toon 'n duidelike negatiewe korrelasie. Hierdie verskynsel is duidelik as dit gesien word in die lig van die introvert se persoonlikheidstrekke. Die introvert kan sy innerlike moeilik aan sy medemens openbaar. Hy is om die rede soms in 'n mate mensku en

...../86 onttrek

onttrek hom dikwels aan sosiale byeenkomste. Hy het ook die gevoel dat hy nie deur sy medemens verstaan word nie. In die geselskap van een of twee persone of selfs in eensaamheid is die introvert dus op sy gelukkigste. Hierdie mense sal hul dus meer kan uitleef in hul studeerkamer waar hulle nie met ander hoef te meng nie. Die resultaat hiervan is positief wat hul eksamenprestasies betref.

In teenstelling hiermee vind ons die ekstrovert wat sy hoogste genot vind in sy omgang met sy medemens. Sy persoonlikheidstrekke, uitgesprokenheid en jovialiteit maak hom 'n gesogte gas by enige byeenkoms. Hierdie tipe sal hom meer uitleef in sport en sy menslike verhoudings en dus nie so veel van sy tyd aan sy studies wy as die introvert nie.

e. <u>Korrelasie tussen eksamenprestasies en temperamentseienskappe (Primêre- en sekondêre funksies).</u>

In Tabel 12 word hierdie gegewens getoon.

TABEL 12.

| N | r | P.05 |
|---|---|---|
| 160 | c.39 | .154 |

In Tabel 12 kry ons dieselfde verskynsel as in Tabel 11 nl. 'n negatiewe korrelasie van -.39. 'n Moontlike verklaring hiervoor lê ook in die persoonlikheidstrekke van die sekondêr-funksionerende persoonlikheid.

......./87 Ten

Ten eerste bring hierdie funksie eenheid en samehang in die persoon se lewe. Hulle is bedagsaam en standvastig en stel elke oomblik hul ervarings in 'n groter verband. Hulle kom wel moeilik tot 'n besluit, maar as hulle eers 'n taak aangepak het, voer hulle dit met toewyding na die beste van hul vermoë uit. Die oorwegend sekondêr-funksionerende persoon laat hom nie meesleur deur die ingewing van die oomblik nie, maar sy ervaring in die verlede oefen gedurig 'n invloed op hom uit. Hulle is geneig om moeiliker by nuwe omstandighede aan te pas en kan hul maklik van die omgewing afsonder en sodoende mensku word. Laasgenoemde feit mag ook daartoe lei dat hulle hul meer sal toelê op hul studies en dus beter resultate sal behaal as die primêr-funksionerende persoon.

Die teenoorgestelde geld vir die primêr-funksionerende tipe persoon. Die indrukke van die oomblik word volledig opgeneem en daarvolgens maak hulle die nodige gevolgtrekkings. Hul omgang met hul medemens is gemaklik en hul aanpassing dus beter as die van die sekondêre-funksionerende tipe. Wat die intellek betref, is hulle bevatliker as die sekondêre tipe, maar aan die anderkant is hulle oppervlakkiger, meer ydel en losbaniger as bg. tipe. Hieruit kan ons dus ook aflei dat die primêr-funksionerende tipe hul studie minder ernstig sal opneem as die sekondêr-funksionerende tipe, omdat hulle meer buierig in hul werk sal wees en ook geneig is om take uit te stel.

f. <u>Korrelasie tussen proefonderwyspunte en persoonlikheidseienskappe (introversie-ekstroversie):</u>

......../88 In

In Tabel 13 word hierdie gegewens aangedui.

TABEL 13.

| N | r | P.05 |
|---|---|---|
| 160 | -.0051 | .145 |

Soos duidelik blyk uit Tabel 13, is daar geen korrelasie tussen die proefonderwyspunte en die persoonlikheidseienskappe van hierdie groep proefpersone nie. In terme van beduidenheidswaardes (p.05) bestaan daar geen rede om die nulhipotese te verwerp nie.

In terme van ander ondersoekers kan verwag word dat die goedaangepaste, stabiele ekstroverte persoonlikheid goed sal presteer in die onderwys, omdat 'n gesonde atmosfeer van vriendelikheid en spanningloosheid bevorderlik is vir die leerproses. Hierdie tipe persoon is juis een wat graag met mense werk en wat die vermoë besit om homself duidelik uit te druk. Hy oriënteer hom veral aan die buitewêreld; sy denke, sy gevoelens, gewaarwordings, ens., staan sterk onder die invloed van persone en sake in sy omgewing.

In die onderhawige studie is nie 'n bevestiging van so 'n aanname bevind nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is die kompleksiteit van die onderwyssituasie en ook dat dit so breed van opset is, dat dit ruimte laat vir persoonlikheidstipes van groot variasie.

g. Korrelasie tussen proefonderwyspunte en temperamentseienskappe (primêre- en sekondêre-funksie.)

In Tabel 14 word hierdie gegewens aangedui.

TABEL 14.

| N | r | P.05 |
|---|---|---|
| 160 | -.07 | .145 |

Hierdie korrelasie van -.07 beantwoord nie aan die eise van bebeduidenheid nie. Uit hierdie gegewens kan ons dus aflei dat daar geen verwantskap bestaan tussen proefonderwysprestasies en temperamentstipes soos gemeet deur die reeds bespreekte temperamentsvraelys nie.

Die negatiewe verwantskap dui egter op 'n omgekeerde verhouding. Die sekondêre tipe persoon kom moeilik tot 'n besluit maar oor die algemeen voer hy take met groot pligsgetrouheid uit. Daar kan aangeneem word dat hierdie tipe persoon meer moeite sal doen met die voorbereiding van sy proefonderwyslesse. Hier dien egter vermeld te word dat dit slegs 'n interessante tendens is waarop die aandag gevestig word en nie 'n beduidende resultaat nie.

## 3.6. Samevattende oorsig.

As kriterium by hierdie ondersoek is die intelligensie, eksamen- en proefonderwyspunte van die proefpersone geneem. Die beskikbare I.K.'s van die proefpersone is vergelyk met hul eksamenresultate en daar is geen betekenisvolle verwantskap gevind nie. Aangesien hierdie bevinding nie voldoen het aan die algemene verwagting nie, is daar

......./90 moontlike

moontlike verklarings voor gesoek.

Verder is korrelasies tussen I.K.'s en die persoonlikheidseienskappe van die proefpersone bereken en ook in die geval is daar geen beduidende verwantskappe gevind nie.

Die korrelasies tussen die eksamenprestasies en proefonderwyspunte soos in Tabel 10, het wel 'n beduidende verwantskap getoon. Hierdie bevinding het aan die verwagting voldoen aangesien daar aangeneem kan word dat 'n persoon wat hom goed vir sy eksamen sal voorberei ook moeite sal doen met die voorbereiding van sy proefonderwyslesse.

By verdere vergelyking van die eksamenprestasies met die proefpersone se persoonlikheidseienskappe en hul temperamentseienskappe, is daar in albei gevalle 'n negatiewe korrelasie gevind, wat beduidend was by die 5% grens. Veral die sekondêre funksie blyk 'n taamlike verwantskap te vertoon met die eksamenprestasies (r -.39, p.05 .154). Die korrelasie tussen introversie en eksamenpunte, hoewel beduidend, is baie laag (r -.2).

In die laaste geval is die korrelasies tussen die proefonderwyspunte en die proefpersone se persoonlikheidseienskappe en hul temperamentseienskappe bereken. Ook hierdie berekening het niks positiefs opgelewer nie.

Persoonlikheids- en temperamentseienskappe, soos gemeet met die twee toetse, kan volgens die resultate dus nie genoegsaam aandui wie goeie onderwysers/esse sal wees en wie nie. Hoewel 'n geringe duidende verband bestaan tussen introversie en veral sekondêre funksionering en eksamenprestasie, toon die persoonlikheids- en tempera-

temperamentseienskappe geen verband met die ander kriteria nie.

Dit is nie uitgesluit nie dat:

(a) die meting van die persoonlikheids- en temperamentseienskappe te grof was;

(b) die meting het nie 'n duidelike beeld gegee van die totale persoonlikheid nie, en ander fasette mag belangriker wees;

(c) die kriteria slegs tussen kwekelingonderwysers(esse) gedifferensieer het en nie tussen onderwysers(esse) self nie.

...../92 HOOFSTUK IV

# HOOFSTUK IV.

## 'N SAMEVATTENDE OORSIG EN BESKOUING.

### 4.1. Probleem- en doelstelling van die ondersoek.

In die onderwysberoep moet daar jaarliks 'n aansienlike aantal persone gerekruteer word om aan die steeds toenemende behoeftes te voorsien. Die opleiding van die onderwysers is 'n duur proses, maar ook duur wat mensemateriaal betref. Dit is dus wenslik dat mislukkings sover moontlik voorkom moet word. Die selektering van kwekelingonderwysers is dus 'n uiters verantwoordelike taak.

Die vraag het ontstaan of daar 'n moontlike verband bestaan tussen sekere van Jung en Heymans se persoonlikheids- en temperamentseienskappe en onderwysbekwaamheid. Hierdie ondersoek is toegespits om so 'n moontlike verband te vind. Indien so 'n verband gevind kan word, kan dit dus as 'n objektiewe meetmiddel dien by die selektering van kwekelingonderwysers.

### 4.2. Onderwysbevoegdheidseienskappe.

Die term onderwysbevoegdheid ontlok van feitlik elke ondersoeker op die gebied 'n ander antwoord. Wanneer deur verskillende navorsers wel dieselfde eienskappe genoem word, verskil die orde van belangrikheid van die persoonlikheidseienskappe van die goeie onderwyser van navorser tot navorser. Ter stawing van bg. stelling word hier nou uit hoofstuk 1 kortliks van die navorsers se bevindings in hierdie verband aangehaal.

..../93 Vir

Vir Dodge (1943) moet die suksesvolle onderwyser in die eerste plek sosiaal van aard wees. Verder moet hy bereid wees om verantwoordelikheid te aanvaar, op eie inisiatief kan optree en hy moet vry van angs en bekommernis wees.

Rostker (1946) meen op sy beurt weer dat die intelligensie van die onderwyser die grootste enkele faktor is wat onderwysbevoegdheid bepaal. Volgens hom toon persoonlikheid, soos hy dit omskrywe, nie 'n betekenisvolle verwantskap met onderwysvermoë nie.

Jensen (1951) wat 'n hele aantal persoonlikheidstrekke aan die goeie onderwyser toedig, verdeel dit hoofsaaklik in drie kategorieë nl. persoonlike hoedanighede, professionele hoedanighede en sosiale hoedanighede.

Bourke stel as voorvereiste 'n goeie gesondheid en dan volg daarop intelligensie, kennis en bekwaamheid, die vermoë om te kan verstaan, verdraagsaamheid en vriendelikheid.

In Symonds se ondersoek het hy bevind dat die geslaagde onderwyser eerstens lief moet wees vir kinders. Daarnaas, sê hy, moet die superieure onderwyser innerlike krag besit en hy moet 'n goeie balans openbaar.

Omdat die lewens- en wêreldbeskouing van die onderwyser so 'n belangrike rol speel in sy beroep, stel Coetzee dit as die belangrikste kenmerk van die goeie onderwyser. Volgens hierdie skrywer moet die onderwyser hom in die eerste plek toerus met 'n weldeurdagte lewens- en wêreldbeskouing.

...../94 Taute

Taute meen dat die goeie onderwyser hom eerstens in die plek van die kind moet kan stel. Verder moet die onderwyser 'n rykdom van kennis hê, en laastens moet hy die vermoë besit om die kinders te dwing om te leer en te ontwikkel.

Ten slotte kan Le Roux se bevindings hier kortliks genoem word. Met sy navorsing kom hierdie ondersoeker tot die gevolgtrekking dat die persoonlikheidstrekke van die goeie onderwyser in volgorde van belangrikheid die volgende is: menslike verhoudings, persoonlikheidsorganisasie, gesag, belangstelling in en liefde vir die mens, kennis en belesenheid, persoonlike en voorkomseienskappe, dryfkrag, godsdienstigheid en volksbewussyn, idealisme en roepingsbewustheid.

4.3. <u>Hoofbevindings van empiriese ondersoek.</u>

As kriterium by hierdie ondersoek is daar van die intelligensiekwosiënt, die eksamenpunte en die proefonderwyspunte van die proefpersone gebruik gemaak. Hierdie prestasies is beskou as 'n goeie weergawe van die geslaagde kwekelingonderwyser en dus ook heelwaarskynlik van onderwysbekwaamheid.

In die eerste plek is die intelligensiekwosiënt as kriterium gebruik en dit is vergelyk met die eksamenprestasies, proefonderwyspunte, persoonlikheidseienskappe en temperamentseienskappe van die proefpersone. In al die genoemde verwerkings is daar geen duidende korrelasie gevind nie. Hierdie resultate laat onmiddellik die vraag ontstaan of die I.K., soos gemeet by hierdie proefpersone, wel betroubaar is. Hiermee saam ontstaan die vraag wat die intelligensietoetse

nou eintlik meet. Uit die literatuur kan 'n groot verskeidenheid antwoorde verkry word.

"Intellektuele vermoë of intelligensie is nie iets op sigself nie; dis nie 'n materiaal of 'n bestanddeel van die menslike liggaam of gees waarvan jy meer of minder kan besit nie. 'n Mens het nie aandag nie, maar jy kan aandag skenk. 'n Mens het nie intelligensie nie (nog minder 'n I.K.), maar jy kan intelligent optree of handel. 'n Motor het nie spoed nie, maar hy kan teen 'n spoed voort beweeg." (Du Toit en van der Merwe: 1966, p.352).

Bogenoemde outeurs verduidelik verder dat by die meting van 'n persoon se intelligensie sy gedrag oor 'n lang tydperk dopgehou behoort te word, en dan 'n oordeel gevel kan word oor die spoed en doelmatigheid waarmee hy in elke situasie waar "abstrakte dinkprosesse of leerprosesse vereis word vir die oplos van probleme," optree.

Verder word dit duidelik gestel dat in gedagte gehou moet word dat die toets-I.K. slegs die resultate verkry op een manier, nl. toetsing verteenwoordig, en dan boonop soos weergegee deur een toets.

In die lig van bg. outeurs se siening, waarteen weinig ingebring kan word, en die feit dat die groep-situasie by die afneem van die I.K.-toets nie die ideale is nie, kan dit dus moontlik wees dat die I.K.-punte nie 'n ware weergawe van die proefpersone se verstandelike vermoëns is nie.

Die moontlikheid bestaan verder dat die drie eksamenprestasies nl. die in Rekenkunde, Afrikaans en Engels, 'n gelykmakende neiging

...../96 het

het. 'n Persoon wat dus goed mag presteer het op die verbale gebied, mag tot die gemiddelde gedwing word deur sy nie-verbale prestasie. Vanselfsprekend is die teenoorgestelde in hierdie opsig ook moontlik.

Verder moet die breedte van die kursus ook in ag geneem word. Dit bestaan uit sowat veertien vakke en dit kan dus moontlik wees dat die studente, as gevolg van die breë kursusse, nie voldoende tyd kry om hul in hul vakke te verdiep en sodoende hul ook nie goed vir die eksamen voorberei nie.

'n Laaste moontlikheid wat oorweeg kan word, is of sekere persoonlikheidseienskappe soos bv. angstigheid, spanning, motivering ens. nie 'n belangriker rol speel as die I.K. wanneer eksamens onder sulke druk omstandighede geskrywe word nie. Die gemiddelde tydsduur van die eksamen is tien dae, waarin dan eksamen in twaalf tot sestien vakke afgelê moet word.

Ten tweede is die eksamenprestasie van die proefpersone vergelyk met hul proefonderwyspunte, persoonlikheidseienskappe en hul temperamentseienskappe. Met die korrelasie van die eksamenpunte en die proefonderwyspunte is 'n positief-beduidende korrelasie gevind, wat daarop dui dat die proefpersone, wat hul werk in 'n ernstige lig beskou, ook as kwekelingonderwysers in die proefonderwyssituasie suksesvol is.

By die vergelyking van die eksamenprestasies met die persoonlikheidseienskappe is 'n negatiewe korrelasie gevind. Dit dui daarop dat die introverte persoonlikheid beter vaar met sy studies as die ekstrovert.

....../97 Die

Die korrelasie tussen die eksamenprestasies en temperamentseienskappe het nog 'n hoër (-.39) negatiewe korrelasie getoon. Hieruit kan afgelei word dat die meer sekondêr-funksionerende persoonlikheid beter vaar met sy studies as die primêr-funksionerende persoonlikheid.

Ten slotte is die korrelasies tussen proefonderwyspunte en persoonlikheidseienskappe en die temperamentseienskappe van die proefpersone bereken. Met hierdie twee berekenings is geen verband gevind tussen die proefpersone se proefonderwyspunte en hul persoonlikheids- en temperamentseienskappe nie.

4.4. Slotbeskouing.

Die term goeie of swak onderwyser impliseer veel. Soos reeds gesê, word daar 'n groot verskeidenheid goeie of swak persoonlikheidseienskappe aan die geslaagde of minder geslaagde onderwyser toegedig. Oor hierdie aspek laat Le Roux hom dan ook baie duidelik uit as hy sê: "Die feit dat onderwys 'n komplekse aktiwiteit is wat deur komplekse indiwidue uitgevoer word en gerig is op komplekse persone wat komplekse veranderinge ondergaan, maak dit duidelik dat in onderwysprosesse omvattende en ingewikkelde veranderlikes 'n rol speel." (Le Roux: 1963, p.151)

As in gedagte gehou word dat elke onderwyssituasie 'n unieke situasie is en verder beoefen word deur unieke menslike persoonlikhede, kan 'n idee gevorm word van watter hoe eise daar aan die goeie onderwyser gestel moet word.

Een onderwyser mag moontlik net daardie persoonlikheidseienskappe

......./98 besit

besit wat 'n groep leerlinge nodig het om ten volle te ontwikkel en hulle mag die lesing van hierdie onderwyser interessant en stimulerend vind. Volgens hul oordeel en vordering, sal hierdie persoon dus 'n goeie en geslaagde onderwyser wees.

Dieselfde persoonlikheid mag aan die anderkant met juis hierdie besondere eienskappe stremmend op 'n ander leerling of groep leerlinge inwerk. Hier sal die vordering nie wees soos by die eersgenoemde groep nie en mag hy dus in hierdie geval as 'n swak onderwyser bestempel word. As voorbeeld en ter illustrasie van bogenoemde stelling kan die volgende genoem word: Een kind mag 'n sekere gevoelsarme, maar intellektuele onderwyser as inspirerend in sy werk vind, maar 'n ander kind wat weens sy huislike omstandighede smag na liefde, erkentlikheid en aanvaarding, mag geen baat vind by die onderrig van daardie onderwyser nie. Dieselfde persoon is dus nie in hierdie geval vir alle leerlinge, hoofde, dosente en ouers 'n geslaagde onderwyser nie.

Verder sal die eienskappe wat aan die goeie onderwyser toegedig word ook in 'n mate bepaal word deur die persoonlikheid van die ondersoeker self en deur die kultuur en volk waarin die onderwyser hom bevind. 'n Navorser mag sterk Calvinisties georiënteer wees en dan sal sy lewens- en wêreldbeskouing 'n groot invloed op sy siening van die goeie onderwyser uitoefen.

Daarom is dit baie duidelik dat 'n toets of meetmiddel wat die geslaagde toekomstige onderwyser op grond van sy persoonlikheidseienskappe kan aanwys aan vele vereistes sal moet voldoen.

....../99 Ten

Ten slotte is dit ook duidelik dat hierdie ondersoek die bevindings van talle vorige navorsers bevestig het, nl. dat die geslaagde onderwyser veelvuldige persoonlikheidseienskappe moet besit en dat dieselfde persoonlikheidseienskappe nie altyd in verskillende omstandighede van dieselfde persoon 'n goeie onderwyser sal maak nie.

Op hierdie terrein lê die veld dus in Suid-Afrika nog feitlik braak en bied dit nog veel geleentheid vir verdere ondersoek.

## OPSOMMING

Uit die litteratuur blyk dit duidelik dat daar reeds baie nagevors is oor die persoonlikheidseienskappe van die goeie onderwyser.

Die doelstelling van hierdie ondersoek was om vas te stel of daar 'n moontlike verband bestaan tussen sekere van Jung en Heymans se persoonlikheidseienskappe entemperamentseienskappe en onderwysbekwaamheid.

In die eerste hoofstuk van hierdie werk is daar kortliks getrag om die siening en bevindings van 'n paar ondersoekers in hierdie verband weer te gee. Die klem val egter op navorsing wat in Suid-Afrika gedoen is.

Uit hierdie werke was dit duidelik dat geen enkele onderwyser al die eienskappe prakties deelagtig is nie, maar tog gee dit 'n beeld van die ideale onderwyser, waaraan elke indiwiduele onderwyser getoets kan word.

Verder is daar in die tweede hoofstuk 'n kort historiese oorsig gegee van enkele belangrike tipologieë. Die klem val egter in hierdie hoofstuk op Jung se tipologie en Heymans se temperamentsleer en tipologie, omdat introversie/ekstroversie en die primêre en sekondêre funksie by hierdie ondersoek 'n belangrike rol speel. Jung se introvertiewe en ekstrovertiewe tipes en Heymans se verskillende persoonlikheidstipes nl. die Nerveuse tipe, die

...../101 Sentimentele

Sentimentele tipe, die Sanguiniese tipe, die Flegmatiese tipe, die Amorfe tipe en die Apatiese tipe word in die besonder bespreek.

Vir hierdie ondersoek is 'n steekproef geneem uit 'n groep kwekelingonderwysers aan 'n provinsiale Onderwyskollege. As kriteria waarteen die eksperimentele resultate afgeweeg kan word, is die I.K. van 80 proefpersone (al wat beskikbaar was), hul eksamenprestasies in Rekenkunde, Afrikaans en Engels en hul proefonderwyspunte geneem.

Die eksperimentele resultate is verkry uit twee vraelyste nl. a) die Persoonlikheidsvraelys (introversie/ekstroversie) en b) die Temperamentsvraelys (primêre- en sekondêre funksie) van die N.I.P.N.

Verskillende korrelasies is uitgewerk en daar is tot die slotsom gekom dat hierdie meetmiddels nie in staat was om by hierdie groep proefpersone te differensieer tussen die goeie en swak kwekelingonderwyser nie. Hierdie bevinding het dus bevestig dat 'n toets of meetmiddel wat die geslaagde toekomstige onderwyser op grond van sy persoonlikheidseienskappe kan aanwys, aan vele vereistes sal moet voldoen.

## AN EMPIRICAL RESEARCH ON THE POSSIBLE RELATIONSHIP BETWEEN CERTAIN QUALITIES OF PERSONALITY AND TEACHING ABILITY.

Much has already been written on the personality qualities of the competent teacher.

The aim of this research is to determine whether a possible relationship exists between some of Jung's and Heymans' personality and temperament qualities.

The first chapter of this thesis has been devoted to an interpretative rendering of the various views and findings of other researchers in this field. However, the stress falls on research done in South Africa.

The work of these researchers has made it clear that no single teacher possesses all these qualities in practice, but it dus yield an image of the ideal teacher, against which the individual teacher can be measured.

The second chapter contains a brief historical review of a few important typologies. Jung's typology and Heymans' theory of temperament and typology are particulary stressed because introversion and extraversion and the primary and secondary functions are basically important to this research. Jung's introvertial and extravertial types and Heymans' various personality types, viz. the Nervous type, the Sentimental type,

the Phegmatic type, the Amorphous type and the Apathetic type receive particular attention.

For the purpose of this research a sample was taken from a group of teacher-students at a Provincial College of Education. The I.Q.'s of 80 experimental subjects - the only ones available - their examination results in Arithmetic, Afrikaans and English and their marks for practice teaching, were the criteria.

The experimental results were obt tained by means of two questionnaires, viz., (a) the personality questionnaire (introvertion/extraversion) and (b) the questionnaire on temperament (primary and secondary function) of the National Institute for Personnel Research, Johannesburg.

Various correlations were calculated and it was concluded that these specific measuring media cannot conclusively differentiate between the competent and the incompetent prospective teacher. This research has proved that a test, or measuring instrument that can select the competent prospective teacher solely on the grounds of his personality qualities, will have to meet with many additional requirements.

# B I B L I O G R A F I E.

Barr, A.S.: Teacling Ability and its Correlates. The Journal of Experimental Education. Vol. xxx Ni. 1 September, 1961.

Bigot, Kohnstamm en Palland: Beknopte Leerboek der Psychologie. J.B. Wolters, Groningen, 1961.

Burke, J.E. What makes a good teacher. The Educational Forum. Vol. xvi Nov., 1951 - Mei, 1952.

Catell, R.B.: General Psychology. SCL-Art Publishers, Cambridge, Massachusetts, 1947.

Coetzee, J. Chris: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, Van Schaik, Pretoria, 1960.

Coetzee, J. Chris: Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, Stellenbosch, 1948.

Dirks, Heinz: Sesam Handboek der Psychologie. Bosch & Keuning N.V. Baarn, 1962.

Dodge, F.: What are the Personality Traits of the Successful Teacher? Journal of Applied Psychology. Vol. 27, 1943.

Drever, J.: A Dictionary of Psychology, London, Penguin Books, 1953.

Duijker, H.C.J.; Palland, B.G.; Vuyk, R.: Leerboek der Psychologie. J.B. Wolters, Groningen, 1963.

du Toit, J.M.; Van der Merwe, A.B.: Sielkunde, 'n algemene inleiding, HAUM, Kaapstad, 1966.

Edwards, A.L.: Statistical Methods of Behavioral Science. Holt, Rinehart, Winston, 1954 (1963).

Esser, P.H.: Karakterkennis en Neurosenleer. J.H. Kok, N.V. Kampen, 1952.

Greyling, E.: Christelike en Nasionale Onderwys. Nas. Pers, 1941.

Gunter, C.F.G.: Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde. Stellenbosch, 1964.

Hall, Calvin, S., Lindsey, G.: Theories of Personality. New York, John Wiley & Sons, Inc. London, 1960.

Hatting, J.M.: 'n Kritiese Studie van Jaensch se Eidetiese Tipologie. Ongepubliseerde M.A.-tesis. Potchefstroom, 1940.

Heymans, G.: Wiersma en de Psychologie. Psychiatriese en Neurologiese Bladen, Jrg. 1928.

Heymans, G.: De toekomstige eeuw der psychologie, Haarlem, 1929.

Heymans, G.: Inleiding tot de Speciale Psychologie. Deel 1, Haarlem, 1932.

Heymans, G.: Inleiding tot de Speciale Psychologie, Deel II, Haarlem, 1932.

Hugo, T.J.: Karaktertipes van kinders en hul behandeling. Groningen, Den Haag, 1918.

Hugo, T.J.: Karakterstudie en Opvoeding. Pretoria. 1922.

Janse van Rensburg, J.A.: Sielkunde, Unie-Volk-pers, Bpk. Kaapstad, 1941.

Jensen, A.C.: Determining Critical Requirements for Teachers. Journal of Experimental Education, Vol. xx (i) Sept. 1951.

Jung, C.G.: Psychological Types or The Psychology of Individuation.

Koen, A.J.: Die Taak van die Onderwyser in die Republiek. T.O.D. Onderwysbulletin. Vol. vi. No. 1 Maart 1960.

Kuypers, A.: Inleiding in de Zielkunde. J.H. Kok, N.V. Kampen, 1963.

Le Roux, A.G.: Die gebruik van Sielkunde Tegnieke by die Seleksie en Gradering van Kwekelingonderwysers. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil. Proefskrif Univ. van S.A. Jan. 1963.

Letourneau, Ch.: Physiologie des passions, Paris 1878.

Levy, A.: Psychologie du caratere, Paris, 1878.

Mennicke, C.A.: Moderne Psychologie. Wêreldbiblioteek N.V. Amsterdam/Antwerpen, 1950.

Nel, B.F.: Die Psigologie van die Onderwyser. 'n Studie in verband met beroepseleksie. Amsterdam, 1947.

Nel, B.F., Sonnekus, M.C.H., Garbers, J.G.: Grondslae van die Psigologie. 'n Inleidende analise van die verhouding tussen mens en wêreld. Univ.-uitgewers, Stellenbosch, 1965.

......, Rombouts, J.M.

Rombouts, J.M.: Karakteropbouw. J. Ploegsma/Zeist/mcm 1932.

Rombouts, Fr.S., Rostker, L.E.: Psychologie voor opvoeders. Tilburg, Drukkery van het R.K. Jongensweeshuis, 1956.

The Journal of Experimental Education, Vol. xiv Sept., 1945-Junie 1946.

Sartain, A.Q., North, A.J., Strange, J.R., Chapman, H.M.: Psychology/Understanding Human Behavior. McGraw-Hill Book Co., New York, 1962.

Symonds, P.M.: Characteristics of the Effective Teacher based on the Pupil Evaluations. Journal of Experimental Education. Vol. 23, 1953-1955.

Taute, B.: Opvoedende Onderwys. Stellenbosch, 1955.

Ten Haven.: Heymans, De Groninger Psychologie en de Critiek van Dr. Meyering. Groningen-Batavia 1946.

Ter Haar, B.: Hedendaagche Karakterkunde. J.B. Wolters. Uitgewers-Maatschappij N.V. Groningen-Den Haag-Batavia, 1931.

Van der Vleugel, E.S.: De Samehang tussen Psycho Galvanische reflex en Grondeigenschappen van het temptament. Groningen-Batavia, 1939.

Van Essen, Jac.: Beschrijwend en verklarend Woordenboek der Psychologie, Haarlem, De Erven F. Bohn N.V. 1953.

Wiersma, E.D.: Karakter en Psychose. Psychologiese en Neurologiese Bladen. 1927.

Wiersma, E.D.: Capita Psychopathologica, Groningen, 1932.

Willemse, W.A.: Constitution-Types in Delinquency. Kegan Paul, Trench Trubner & Co., Ltd., London, 1932.

Young, Kimball: Personality and Problems of Adjustment. Routledge & Kegan Paul Ltd., London 1952.

## BYLAAG.

| Proefpersone. | Proefonderwys-punte. | Persoonlikheids-eienskappe. | Temperamenteienskappe. | I.K. | Eksamenprestasies. |
|---|---|---|---|---|---|
| A | 68 | 25 | 16 | | 58 |
| B | 72 | 25 | 28 | | 71 |
| C | 73 | 36 | 24 | 104 | 56 |
| D | 66 | 35 | 14 | 120 | 58 |
| E | 70 | 28 | 21 | | 56 |
| F | 60 | 24 | 25 | 107 | 58 |
| G | 66 | 30 | 21 | | 51 |
| H | 60 | 17 | 14 | 128 | 58 |
| I | 68 | 28 | 25 | 110 | 61 |
| J | 66 | 19 | 25 | 108 | 57 |
| K | 62 | 21 | 18 | | 61 |
| L | 64 | 18 | 20 | 106 | 63 |
| M | 63 | 36 | 27 | | 54 |
| N | 58 | 24 | 23 | 106 | 50 |
| O | 63 | 28 | 31 | | 55 |
| P | 67 | 20 | 21 | | 56 |
| Q | 67 | 27 | 30 | | 62 |

| Proefpersone. | Proefonderwyspunte. | Persoonlikheidseienskappe. | Temperamenteienskappe. | I.K. | Eksamenprestasies. |
|---|---|---|---|---|---|
| R | 57 | 29 | 22 | 98 | 56 |
| S | 72 | 32 | 26 | 105 | 55 |
| T | 69 | 18 | 16 | | 64 |
| U | 69 | 28 | 29 | 115 | 54 |
| V | 61 | 25 | 15 | 105 | 70 |
| W | 72 | 23 | 14 | | 56 |
| X | 64 | 23 | 20 | | 63 |
| Y | 72 | 12 | 13 | | 60 |
| Z | 72 | 39 | 34 | | 52 |
| AA | 62 | 40 | 24 | | 56 |
| AB | 72 | 14 | 14 | | 52 |
| AC | 61 | 33 | 21 | | 50 |
| AD | 66 | 12 | 14 | 126 | 60 |
| AE | 65 | 11 | 15 | | 59 |
| AF | 74 | 25 | 36 | 105 | 50 |
| AG | 75 | 24 | 35 | | 50 |

| Proefpersone. | Proefonderwys-punte. | Persoonlikheids-eienskappe. | Temperamenteien-skappe. | I.K. | Eksamenprestasies. |
|---|---|---|---|---|---|
| AH | 62 | 15 | 15 | | 55 |
| AI | 68 | 8 | 9 | | 64 |
| AJ | 76 | 30 | 27 | 126 | 72 |
| AK | 72 | 25 | 25 | 131 | 64 |
| AL | 76 | 16 | 4 | 113 | 77 |
| AM | 65 | 28 | 22 | | 47 |
| AN | 65 | 14 | 20 | 106 | 62 |
| AO | 67 | 27 | 22 | | 52 |
| AP | 74 | 31 | 17 | 116 | 71 |
| AQ | 70 | 25 | 18 | | 67 |
| AR | 66 | 28 | 19 | 119 | 65 |
| AS | 74 | 23 | 11 | | 72 |
| AT | 64 | 19 | 24 | 118 | 67 |
| AU | 64 | 38 | 33 | | 50 |
| AV | 72 | 27 | 21 | | 52 |

| Proefpersone. | Proefonderwyspunte. | Persoonlikheidseienskappe. | Temperamenteienskappe. | I.K. | Eksamenprestasies. |
|---|---|---|---|---|---|
| AW | 75 | 33 | 26 | | 53 |
| AX | 68 | 18 | 19 | | 77 |
| AY | 60 | 11 | 18 | 119 | 65 |
| AZ | 62 | 30 | 23 | | 62 |
| AAA | 70 | 29 | 23 | 105 | 67 |
| ABA | 75 | 29 | 26 | 89 | 66 |
| ACA | 69 | 34 | 20 | | 71 |
| ADA | 80 | 28 | 21 | 126 | 72 |
| AEA | 68 | 30 | 18 | 109 | 74 |
| AFA | 65 | 26 | 25 | 92 | 54 |
| AGA | 71 | 23 | 22 | | 60 |
| AHA | 72 | 21 | 22 | 104 | 58 |
| AIA | 62 | 27 | 27 | 110 | 49 |
| AJA | 74 | 31 | 27 | 123 | 58 |
| AKA | 60 | 29 | 29 | | 59 |

| Proefpersone. | Proefonderwyspunte. | Persoonlikheidseienskappe. | Temperamenteienskappe. | I.K. | Eksamenprestasies. |
|---|---|---|---|---|---|
| ALA | 61 | 21 | 18 | | 57 |
| AMA | 58 | 35 | 31 | 118 | 55 |
| ANA | 72 | 27 | 21 | 124 | 73 |
| AOA | 66 | 32 | 25 | 91 | 53 |
| APA | 58 | 40 | 27 | | 48 |
| AQA | 54 | 34 | 29 | 114 | 53 |
| ARA | 72 | 31 | 32 | | 68 |
| ASA | 71 | 30 | 34 | 113 | 49 |
| ATA | 58 | 33 | 26 | 115 | 45 |
| AUA | 80 | 30 | 28 | 125 | 72 |
| AVA | 66 | 29 | 20 | | 70 |
| AWA | 75 | 36 | 29 | 122 | 55 |
| AXA | 62 | 30 | 18 | 89 | 55 |
| AYA | 53 | 35 | 25 | 112 | 58 |
| AZA | 72 | 27 | 25 | | 68 |

| Proefpersone. | Proefonderwyspunte. | Persoonlikheidseienskappe. | Temperamenteienskappe. | I.K. | Eksamenprestasies. |
|---|---|---|---|---|---|
| AAB | 75 | 33 | 30 | | 50 |
| ABB | 70 | 35 | 25 | | 40 |
| ACB | 61 | 30 | 25 | | 52 |
| ADB | 65 | 30 | 27 | | 62 |
| AEB | 68 | 20 | 17 | | 69 |
| AFB | 61 | 40 | 32 | 107 | 63 |
| AGB | 75 | 26 | 19 | 99 | 63 |
| AHB | 61 | 34 | 27 | | 56 |
| AIB | 65 | 27 | 27 | | 63 |
| AJB | 75 | 20 | 14 | 113 | 68 |
| AKB | 71 | 31 | 20 | | 65 |
| ALB | 68 | 33 | 34 | | 48 |
| AMB | 74 | 43 | 31 | 109 | 57 |
| ANB | 65 | 20 | 14 | | 68 |
| AOB | 76 | 26 | 17 | | 79 |

| Proefpersone. | Proefonderwys-punte. | Persoonlikheids-eienskappe. | Temperaments-eienskappe. | I.K. | Eksamenprestasies. |
|---|---|---|---|---|---|
| APB | 55 | 25 | 33 | | 40 |
| AQB | 58 | 37 | 30 | | 62 |
| ARB | 66 | 14 | 15 | 104 | 60 |
| ASB | 67 | 11 | 16 | | 70 |
| ATB | 55 | 25 | 21 | 91 | 56 |
| AUB | 68 | 38 | 25 | 100 | 48 |
| AVB | 61 | 35 | 29 | | 51 |
| AWB | 54 | 26 | 29 | | 52 |
| AXB | 69 | 18 | 19 | | 58 |
| AYB | 61 | 24 | 20 | | 57 |
| AZB | 66 | 22 | 17 | | 63 |
| AAC | 74 | 20 | 13 | | 59 |
| ABC | 60 | 28 | 19 | 108 | 52 |
| ACC | 62 | 29 | 24 | 105 | 60 |
| ADC | 66 | 30 | 35 | | 66 |
| AEC | 58 | 25 | 24 | | 54 |

| Proefpersone. | Proefonderwyspunte. | Persoonlikheidseienskappe. | Temperamentseienskappe. | I.K. | Eksamenprestasies. |
|---|---|---|---|---|---|
| AFC | 71 | 30 | 20 | | 59 |
| AGC | 65 | 27 | 16 | | 59 |
| AHC | 74 | 25 | 16 | 119 | 78 |
| AIC | 65 | 22 | 18 | 89 | 55 |
| AJC | 54 | 33 | 28 | 104 | 52 |
| AKC | 65 | 18 | 19 | 102 | 58 |
| ALC | 68 | 44 | 29 | 115 | 74 |
| AMC | 71 | 28 | 24 | 99 | 61 |
| ANC | 65 | 27 | 16 | | 65 |
| AOC | 57 | 9 | 10 | | 59 |
| APC | 69 | 25 | 26 | 108 | 67 |
| AQC | 56 | 16 | 12 | | 54 |
| ARC | 59 | 34 | 27 | | 48 |
| ASC | 61 | 27 | 18 | 103 | 64 |
| ATC | 62 | 18 | 22 | 122 | 66 |
| AUC | 60 | 35 | 25 | 102 | 64 |

| Proefpersone. | Proefonderwys-punte. | Persoonlikheids-eienskappe. | Temperaments-eienskappe. | I.K. | Eksamenprestasies. |
|---|---|---|---|---|---|
| AVC | 54 | 19 | 18 | 105 | 51 |
| AWC | 61 | 16 | 17 | | |
| AXC | 58 | 21 | 23 | 100 | 53 |
| AYC | 68 | 24 | 21 | 105 | 51 |
| AZC | 62 | 13 | 19 | | 55 |
| AAD | 61 | 30 | 28 | 109 | 54 |
| ABD | 54 | 24 | 17 | 108 | 62 |
| ACD | 56 | 24 | 21 | 97 | 55 |
| ADD | 60 | 35 | 28 | | 54 |
| AED | 75 | 31 | 17 | | 61 |
| AFD | 68 | 16 | 23 | 118 | 57 |
| AGD | 61 | 46 | 32 | 117 | 55 |
| AHD | 69 | 34 | 26 | 114 | 56 |
| AID | 67 | 21 | 22 | 100 | 64 |
| AJD | 62 | 7 | 9 | | 59 |
| AKD | 57 | 29 | 22 | | 69 |

| Proefpersone. | Proefonderwys-punte. | Persoonlikheids-eienskappe. | Temperaments-eienskappe. | I.K. | Eksamenprestasies. |
|---|---|---|---|---|---|
| ALD | 66 | 26 | 28 | 110 | 61 |
| AMD | 60 | 36 | 26 | | 56 |
| AND | 71 | 17 | 10 | | 68 |
| AOD | 65 | 26 | 25 | 128 | 48 |
| APD | 66 | 21 | 17 | 117 | 62 |
| AQD | 71 | 41 | 33 | 113 | 73 |
| ARD | 70 | 34 | 26 | 118 | 61 |
| ASD | 62 | 11 | 18 | | 47 |
| ATD | 63 | 37 | 33 | 103 | 48 |
| AUD | 61 | 36 | 31 | 108 | 44 |
| AVD | 60 | 23 | 19 | | 54 |
| AWD | 66 | 21 | 14 | | 73 |
| AXD | 68 | 12 | 18 | 93 | 59 |
| AYD | 70 | 29 | 23 | | 54 |
| AZD | 64 | 21 | 24 | | 51 |
| AAE | 71 | 20 | 22 | 118 | 46 |
| ABE | 64 | 12 | 12 | 85 | 61 |
| ACE | 64 | 34 | 17 | | 47 |
| ADE | 59 | 15 | 14 | | 59 |